

Matieland

Competition in the global village

Erger as oorloë!

Millenniumkoors?



None Darlings The Manor House At Trail & Pony Rides, Spier Ship Restaurant, Spier Wine Centre, Spier Shop, Riverside Terrace Rose Garden

YOU CAN
**DELIGHT
THE EYE**
AND PAMPER THE PALATE
IN THE SPACE OF HOURS
BUT YOUR MIND WILL
**CELEBRATE THE
MEMORY**
FOR YEARS TO COME

Magnificent natural surroundings, wine, fine food, beautiful music and a lot more besides make Spier the ideal venue for a sensory feast.

There is hearty food at the Taphuis & Riverside Pub, authentic Cape Malay dishes from the Jonkershuis and a unique culinary experience at the trendy Spier Café. Or enjoy a gourmet picnic on the banks of our sparkling lake.

Be sure to taste the best local and international wines at the Spier Wine Centre, and in summer feast on the entertainment offered in our spectacular open-air amphitheatre. And with over 20 different banqueting and conference venues to choose from, your special occasion will easily become an historic event!

All things considered, fitting everything Spier has to offer into a day would be a memorable feat in itself.



UNEXPECTED PLEASURES

For reservations and information please call (021) 809 1100.

E-mail: info@spier.co.za Website: <http://www.spier.co.za>



The Old World (Karoo - KwaZulu) Jonkershuis Restaurant The Wine Centre Open-air Amphitheatre Spier Theatre Colonnade Terrace

REDWOOD DESIGN 11/10 1021

Voorblad: In 1995-'98 het die Universiteit sowat R70 miljoen vir bedryfsgerigte navorsing ontvang, die meeste van enige universiteit in die land. Lees op bl. 8-11 hoe die US deur navorsing 'n bydrae lewer om Suid-Afrika se mededingendheid in die wêreld ekonomie te help verbeter.

Front cover: During 1995-'98, the University attracted R70 million for co-operative ventures with industry and government. On pages 8-11, Matieland looks at the University's research contribution towards achieving a competitive position for South Africa in the world economy.

Matieland word gratis aan Oudmaties en US-donateurs gestuur.

Matieland Advieskomitee:
 Proff Walter Claassen (voors.), Rolf Stumpf, Piet du Plessis, Johan Groenewald, George Claassen; mnrre Kobus Visagie, Hans-Peter Bakker, Hans Oosthuizen

Redakteur: Matieland:
 Hans Oosthuizen

Uitvoerende redakteur,

US-publikasies: Hans-Peter Bakker

Ontwerp & Uitleg: Alun Davies en Cathy Charman

Kontrak-uitgewer:

Metupp Publishing, Claremont

Reproduksie: Virtual Colour

Drukker: Paarl Post Web, Paarl

Verspreiding: AMA, Kaapstad

Redaksiekantoor:

Posadres: Redakteur: Matieland, Bemarking & Kommunikasie, Universiteit van Stellenbosch, Privaatsak XI, Matieland, 7602

E-pos: jcoost@maties.sun.ac.za

Tel: (021) 808-4851/-4632

Faks: (021) 808-3800

Advertensies:

Johannesburg: Metupp Publishing, Posbus 412193, Craighall 2024

E-pos: metupp@global.co.za

Tel: (011) 787-0513

Faks: (011) 787-1771

Johannesburg: Sally Hudson,

Tel: (011) 784-1438 **Sel:** 083-277-6974

Kaapstad: Liz Olbrich,

Tel: (021) 434-4585 **Sel:** 082-552-3298

Faks: (021) 434-4583

E-pos: ollie@icon.co.za

Sirkulasie/Adreslys:

Posadres: Malena Fourie, Matieland-sirkulasie, Bemarking & Kommunikasie, Privaatsak XI, Matieland, 7602

E-pos: mfour@maties.sun.ac.za

Tel: (021) 808-4919

Faks: (021) 808-3800

Jaargang 43 3:1999

ISSN 0025-5947

Matieland

<http://www.sun.ac.za/local/news/publications.htm>

Inhoud/Contents

Alumni

- 4 Oudmatie-wees bly 'n lewenslange voorreg

Navorsing/Research

- 8 Competition in the global village
 9 Cutting-edge research for a fickle business
 9 From a small garage into outer space
 9 Designing ways for industry to catch up
 10 We eat it, wear it and live in it
 10 Exploiting plant potential
 11 Most sophisticated engine test facility
 11 Helping to light up the nation
 12 Fulfilment of an incredible dream
 13 Sandhopies help met aardbewings
 14 Chemici en biooë op die voorpunt
 24 World's highest honour to fungus expert

Geskiedenis/History

- 16 Uitstekende versameling oor die Anglo-Boereoorlog
 20 Eerste professor 125 jaar gelede aangestel

Gesondheid/Health

- 18 Virusse eis meer lewens as oorloë of hongersnood

Mense/People

- 22 Wonderwêreld op vër paaie

Onderrig/Teaching

- 24 Grondkenner lei Landbouwetenskappe
 25 Humaniora kry elektroniese multimedia-sentrum
 25 "Sivvy" word Saldanha se dekaan
 30 Kweekskool vier sy veertien dekades

Uitreik/Outreach

- 6 Wêreldprojek oor straatkinders

Die Kunste/The Arts

- 26 Konservatorium se gebou word mondig
 27 Unisa vereer Behrens

Allerlei/Miscellaneous

- 2 Redakteursbrief
 2 Klip in die 'Bosch: Lesers-briewe
 28 In memoriam
 32 Naskrif: Millenniumkoors?



Fulfilment of a dream - 12



Skat van oorlogsbronne - 16



Virusse bl 'n gevaar - 18



Eksotiese kuierplekke - 22

Die Universiteit se drie pioniers-professore was Skotte: George Gordon, Archibald Macdonald en Thomas Walker, oud-studente van Aberdeen en Edinburgh.

In dié Matieland-uitgawe word vertel van Gordon se aanstelling in 1874, presies een en 'n kwart eeu gelede, en Macdonald s'n kort daarna – die begin van die “Stellenbosch Gymnasium” se “Arts Department,” wat in 1881 kollegestatus verkry het en in 1918 die Universiteit van Stellenbosch sou word.

Gordon-hulle was egter nie die eerste “Stellenbosse” professore nie. Die Kweekskool (wat 140 jaar gelede gestig is, en naas die kollege en latere US bestaan het totdat dit in 1963 die US-teologiesefakulteit geword het) het met sy ontstaan in November 1859 reeds twee professore gehad: NG predikante John Murray (seun van 'n Skotse immigrant!) en Nicolaas Hofmeyr.

'n Eeu gelede kry die Victoria Kollege sy eerste biblioteekgebou – die klein, versierde CL Marais “Biblioteek” – vandag ingedruk skuins agter Drama en die Ou Hoofgebou – en sover bekend die oudste universiteitgebou in die land wat vir 'n biblioteek opgerig is. 'n Stellenbosse vriend van die kollege het geld vir die geboutjie geskenk.

Twee dekades later kry die US uit Europa 'n besondere skenking – nie geld nie, maar 'n belangrike versameling boeke, foto's, dokumente en ander materiaal oor die Anglo-Boereoorlog, vir bewaring in die US-“bibliotheek”. 'n Geskenk van 'n Nederlander wat Paul Kruger se vertroueling was. 'n Versameling oor die oorlog wat die Suider-Afrika toneel oorheers het toe die ou millennium se laaste eeu aangebreek het.

Die eeu wat hier met 'n oorlog begin het, lewer onder meer twee wêreldoorloë. Wat is erger as oorloë wat miljoene menselewens eis? Virusse! Mikroskopies klein vyande wat die mensdom al duisende jare teister. Epidemies, soos pokke, sedert duisende jare gelede. Griep, soos in 1918, eerste jaar wat die Victoria Kollege die US geword het. En nou, vigs – die epidemie waarmee ons die nuwe millennium ingaan.

Begin die millennium werklik nou? Eintlik moes dit enkele jare gelede al begin het! Of, maak jy jou somme reg, begin dit mos eers aan die begin van 2001.

Geniet sulke dinge, en nog meer, tot op bladsy 32. Geniet die “amptelike” aanbreek van die millennium. En om aan te sluit by die Naskrif: *May all your new days be happy ones!*

Hans Osthuisen

VOLGENDE KEER IN/NEXT TIME IN
MATIELAND

- Die US en vernuwing
- Escom's Khumalo becomes honorary professor
- Vrou 'n kenner van varke
- Amalgamation: First time for faculties
- Kosbare ou Suid-Afrikaanse kaart gerestoureer

KLIP IN

Dan liever nooit!

Prof AH Mackenzie se benadering (“Streke oor stiptelikheid” in *Matieland* 2:1999) laat my dink aan prof Gawie Cilliers jr. wat in 1976 Wiskunde III vir ingenieurstudente gedoseer het.

Laat kom was taboe in sy klasse. Soos met baie ander lesingkamers staan die dosent in die Ingenieursfakulteit se groot auditorium (Reitz saal) ook met sy rug na die twee deure weerskante van die swart bord.

Dié deure word toegemaak, stiptelik wanneer die klokke wat die begin van die klas aandui, lui. Menige student het probeer verbyglip sonder om gesien te word, maar die meeste moes 'n vinnige omkeer maak met die aanhoor van Prof Gawie se bekende spreuk: “Better never than late!”

Cobus Thesnaar, Noorder Paarl

Slim vang sy baas

Jan Basson se storie oor prof AH Mackenzie (*Matieland* 2:1999) het my herinner aan 'n ander staaltjie oor hom wat ek gehoor het van my professor in wiskunde, prof GG (Klein Gawie) Cillie, wat ook 'n student van hierdie Skotse professor was.

Mackenzie was 'n sekere dag op kort kennisgewing verhinder om sy wiskunde-klasse te gee. Hy het op die klaskamer se swartbord laat skryf: “Professor Mackenzie will not be able to attend to his classes today.” Die volgende dag, toe prof Mackenzie terug sou wees, was die boodskap nog op die swartbord toe die studente in die klaskamer versamel. Die grapjas van die klas gaan vorentoe en vee die letter “c” van die woord “classes” uit.

Almal wag in spanning om prof Mackenzie se reaksie te sien. Toe hy in die klas instap, het hy net een kyk na die swartbord gegee, die letter “l” uitgegee en summier uitgestap!

Ockert Malan (US-student, 1949-1953)

More English, please

Please let us have a few more articles in English. Not all staff and students are Afrikaans speaking, and visiting academics are not familiar with Afrikaans. A few articles in English will surely attract more readers, and the information will be more widely distributed, to the good of the University.

Visiting academic, Bellville

DIE 'BOSCH

Slange en 'n sopraan

Ek het die artikel oor dr Con de Villiers (*Matieland* 2:1999) baie geniet. Dit het my herinner aan 'n voorval wat so kenmerkend van dié merkwaardige man was.

Dr Con was baie lief vir die sopraan Gladys Hugo se stem, daar rondom 1942. Een aand sou sy oor die radio optree, en hy nooi my en my vriendin, Irene Pretorius, van wie hy ook baie gehou het, om saam met hom na die radio-uitsending te luister.

Terwyl ons wag dat dit dit moet begin, vertel Irene hoe 'n slang haar gepik het op Calitzdorp waar sy 'n kind was. Dit was so in Doktor Con se kraal en ons gesels land en sand oor slange.

Skielik onthou hy om die radio aan te skakel, net betyds om die omroeper te hoor sê: "U het geluister na 'n uitvoering van Gladys

Hugo." Doktor Con het skoon paniekerig geword, want hy het gewete sy sou bel om te hoor hoe hy daarvan gehou het. Ongelukkig weet ek nie watter verskoning hy toe vir haar aangebied het nie!

Dr SS du Plessis (MSc in soölogie, 1943)

**Skryf aan: Redakteur:
Matieland, Privaatsak X1,
Matieland, 7602;
faks (021) 808-3800; e-pos
jcoost@maties.sun.ac.za**

**Please write to: Editor:
Matieland, Private Bag X1,
Matieland, 7602;
faks (021) 808-3800; e-mail
jcoost@maties.sun.ac.za**

Bydraers in dié uitgawe / Writing for *Matieland*



Die Universiteit het 'n uitmuntende versameling oor die Anglo-Boereoorlog. 'n Nederlander wat Transvaalse staatssekretaris en pres Paul Kruger se vertrouing was, het onder meer in 1920 sy kosbare versameling boeke, dokumente, foto's en ander bronne oor die oorlog aan die US geskenk. Oudmatie **Niel Hendriks**, wat hieroor skryf, werk sedert 1979 by die US Biblioteek, waar hy senior vakbibliotekaris is, onder meer vir geskiedenis.

Bladsy 16



Terry Plantinga is a freelance writer and editor. He settled in Stellenbosch with his family after 20 years with CBS News, primarily covering wars in Central America and the Middle East. In this issue of *Matieland* he looks at Stellenbosch University's research contribution towards achieving a competitive position for South Africa in the world economy. During 1995-'98, the university attracted more than R70 million for co-operative ventures with industry and government.

Page 8



Terwyl "millenniumkoors" wêreldwyd hoogty vier, kyk prof **Jannie du Preez**, 'n Oudmatie, eertydse sendeling in Transkei en afgetrede dosent in missiologie aan die US, na die betekenis van, asook sekere onduidelikhede rondom, die Christelike kalender wat nou oral op aarde gebruik word. Weet ons presies op watter dag en in watter jaar Christus gebore is? Begin die nuwe millennium werklik op 1 Januarie 2000? En leef ons dalk reeds in die "eindtyd"?

Bladsy 32

EERSTE 'BIB' 'N EEU GELEDE OPPERIG

Die CL Marais "Biblioteek" noordwes van die Ou Hoofgebou is vanjaar 'n eeu gelede opgerig. Dié ou naam met die datum 1899 is op die ou geboutjie se voorgewel.

Dit was die Universiteitsbiblioteek se eerste gebou. Die biblioteekdiens het in 1895 al formeel tot stand gekom, maar was tot 1899 gehuisves in 'n vertrek in die Ou Hoofgebou, wat in 1886 in gebruik geneem is. In 1995 het die biblioteekdiens sy eeu-fees gevier, o.m. met die toekenning van 'n eredoktorsgraad in biblioteek- en inligtingkunde deur die Universiteit aan 'n Amerikaanse akademikus wat 'n wêreldleier op dié terrein is.

Sover vasgestel kan word, is die CL Marais Biblioteek die oudste gebou in die land wat uitsluitlik as universiteitsbiblioteek opgerig is. Ook interessant is dat die kollege en latere US (behalwe vir 1895-'99) nog altyd 'n spesiale "biblioteekgebou" gehad het wat vir die biblioteekdiens op- en ingerig is.

Die CL Marais-gebou het die biblioteek gehuisves totdat die Carnegie Biblioteek in



1938 opgerig is. Dit is in 1984 vervang deur die moderne JS Gericke Biblioteek. Die Carnegie-korporasie van Amerika het geld geskenk om vir die Carnegie-biblioteek se oprigting by te dra. Dié gebou is deur die jare aansienlik vergroot en ná 1984 heringerig om 'n deel van die US Administrasie te huisves.

Die CL Marais - 'n verklaarde nasionale gedenkwaardigheid - het 'n interessante verbintenis met fondsinsameling aan die Universiteit. Die Kaapse regering het slegs 'n deel van die geld vir die nuwe biblioteekgeboutjie verskaf en die Victoria Kollege (voormalig van die US) moes self die res van die oprigtingskoste insamel. Dit is verkry as skenking van 'n gesiene Stellenbosser, CL (Christiaan) Marais.

Hy was 'n broer van Jannie Marais wat op Coetzenburg gewoon het, later Stellenbosch se parlementslid was en met sy dood in 1915 'n reusebedrag (vir destyds) van 100 000 pond nagelaat het - wat help verseker het dat die kollege in 1918 universiteitstatus kon verkry. ■

Waar in die wêreld jy ook al woon, kan jy altyd met die Universiteit in verbinding bly – mits jy natuurlik sorg dat die US altyd jou nuutste adresbesonderhede het!

OUDMATIE-WEES BLY 'N LEWENSLANGE VOORREG

Toe jy op Stellenbosch afgestudeer het, was dit nie die einde van jou verbintenis met die US nie. Jy bly as Konvokasielid steeds aktief betrokke by die Universiteit.

Oudmaties vorm een van die lojalste, lewendigste, bedrywigste oudstudentekorpse van enige universiteit in die land.

Stellenbosch is 'n besondere plek. Om aan die Universiteit van Stellenbosch te studeer, bly vir die meeste Maties 'n voorreg en ervaring. En die oorgrote meerderheid Stellenbosse oudstudente behou graag dwarsdeur hulle lewens bande met vriende uit hul studentejare, met oud dosente, én met dié plek waar 'n mens so 'n belangrike deel van die voorbereiding vir jou loopbaan en latere lewe gekry het.

As jy 'n graad of ander akademiese kwalifikasie by die US behaal het, is jy outomaties 'n Konvokasielid. Jy bly dus altyd in verbinding met die Universiteit – mits jy natuurlik sorg dat die Universiteit altyd jou nuutste adresbesonderhede het!

Die Universiteit het 'n databasis van sowat 90 000 Konvokasielede se name. Ongelukkig kort duisende van hulle se huidige adresse.

Gereelde nuusblaai

Die Universiteit kan dus nie met hulle in verbinding tree nie, en hulle kry nie die US se gereelde nuusblaai vir alumni (d.w.s. Oudmaties) nie. Hulle kry ook nie die uitnodigings en kennisgewings wat die Universiteit aan Oudmaties uitstuur nie. Byvoorbeeld, na die Konvokasie se jaarvergadering of na reünies en ander saamtrekke vir Oudmaties – wat gereeld oral in Suid-Afrika en selfs in die buiteland aangebied word.

Matie-koshuise en -sportklubs, die Studenteraad, Universiteits- en ander kore, verenigings soos die Berg- en Toerklub of Debatsvereniging asook US-departemente en -fakulteite reël gereeld reünies vir hul oudlede of -studente.

Daar is ook drie baie bedrywige gholfklubs vir Oudmaties – in Gauteng, Kwazulu/Natal en in die Kaap – wat deur die jaar toernooie aanbied, onder meer teen ander Suid-Afrikaanse universiteite se oudstudente.

Gratis vir oudstudente

As 'n lid van die US Konvokasie kry 'n mens natuurlik ook drie keer per jaar hierdie gratis oudstudente-tydskrif, *Matieland*, én 'n volkleur-nuusbrief, *AlumnUS*, wat ook drie keer per jaar gestuur word aan alle Konvokasielede oor wie se korrekte adresse die Universiteit beskik.

AlumnUS plaas kennisgewings

van Oudmatie-saamtrekke oral in die land, of van Matiekoshuis-, sportklub-, departementele, fakulteits- en ander reünies. En na sulke reünies word enkele sosiale foto's wat daar geneem is in *AlumnUS* geplaas.

Daar is ook drie baie bedrywige gholfklubs vir Oudmaties - in Gauteng, Kwazulu/Natal en die Kaap

Die Konvokasie-jaarvergadering (wat gewoonlik in November elke jaar op Stellenbosch gehou word) se notule word na die vergadering as 'n los bylae saam met *AlumnUS* gesirkuleer. Kennisgewings oor dié jaarvergadering of oor ander komende gebeure aan die Universiteit verskyn ook vooraf in *AlumnUS*.

Uitnodigings aan lede

Alle Oudmaties wat binne sowat 100 km van Stellenbosch af woon, kry

Oudmaties help Universiteit uitbou

Stellenbosse oudstudente het dwarsdeur die Universiteit se geskiedenis, sedert die US se vroegste voorganger byna 134 jaar gelede in 1866 gestig is, 'n lewendige hidrae tot die opbou van die Universiteit gelewer. Baie van die toerusting, biblioteekmateriaal, geboue en beursfondse van die Universiteit sou nie daar gewees het as dit nie vir die goedgesindheid van talle Oudmaties was nie.

Die Universiteit kry steeds elke jaar geld- en ander skenkings waarmee Oudmaties die US help om billike, bekostigbare klasgeld te behou, en om sy standarde van onderrig, navorsing en diens aan die samelewing verder uit te bou.

Baie Oudmaties bemaak ook geld of ander bates aan 'n departement, fakulteit of ander afdeling van die US, of vir beurse en ander doeleindes. So help 'n mens ook om na jou dood weer aan 'n nuwe geslag Stellenbosse studente die voorregte te bied wat aan jou gegun was. 

Die Universiteit het 'n databasis van sowat 90 000 Konvokasielede se name - maar ongelukkig kort duisende van hulle se huidige adresse

Stuur nuutste adresse

Besorg jou adres- en ander besonderhede aan Malena Fourie, Bemaking & Kommunikasie, Universiteit van Stellenbosch, Privaatsak X1, Matieland, 7602; tel (021) 808-3615; e-pos mfour@maties.sun.ac.za of faks (021) 808-3800.

Moedig ook jou kinders en ander familieleden asook vriende wat Oudmaties is aan om seker te maak dat die Universiteit hul nuutste adresbesonderhede het.

Om die duplisering van pos uit te skakel, moet 'n getroude paar wat albei Oudmaties is asseblief laat weet as daar vir hulle net een poststuk, soos Matieland of AlumnUS gestuur kan word.

Waar jy ook al as Oudmatie in werk-, sport- en sosiale kringe in die samelewing rondbeweeg, kan jy gerus ander Oudmaties aanmoedig om hul nuutste adresse en ander inligting vir die Universiteit aan te stuur.

ook enkele weke voor die Konvokasie-jaarvergadering met die pos 'n uitnodiging na die vergadering. Die jaarvergadering – wat gewoonlik in die HB Thom-teater of die Endlersaal op die kampus gehou word – is 'n forum waar jy as Konvokasielid inspraak kan lewer of eerstehandse inligting kan verkry oor sake wat die Universiteit raak.

Na die vergadering, wat altyd in die aand gehou word, bied die Universiteit vir al die Konvokasiegangers 'n skemeronthaal aan. Selfs as jou man, vrou of metgesel nie 'n Oudmatie is nie, kan hy/sy saam met jou dié jaarvergadering en onthaal bywoon. Dit geld natuurlik ook vir die Oudmatie-saamtrekke waarvan sowat twee dosyn elke jaar deur die US se afdeling Bemaking & Kommunikasie (met die hulp van Oudmaties self) oral in die land aangebied word.

Koshuise, sportklubs, verenigings, departemente en fakulteite reël gereeld reünies vir hul oudlede of -studente

Die Konvokasie-lede neem ook deel aan die verkiesing van verskeie verteenwoordigers wat namens hulle in die Universiteitsraad dien. Besonderhede hieroor word deur die media bekend gemaak, en Oudmaties kan mense uit hul gelede hiervoor nomineer. Stembriewe en inligting oor die verkiesing word ook aan jou gepos – natuurlik weer, mits jy sorg dat die US jou nuutste adresbesonderhede het.

Wanneer jy die dag van Stellenbosch af weggaan, hoef jou verbintenis met die Universiteit beslis nie saam met jou studentedae-herinneringe te vervaag nie. As Oudmatie, as Konvokasielid, kan jy steeds 'n aktiewe betrokke by die Universiteit bly. ■

Rekeningkunde lei ouditeure tot op hoogste vlak op

Vanaf April 2000 bied die Departement Rekeningkunde vir die eerste keer geakkrediteerde kursusse aan ter voorbereiding vir Deel II van die Kwalifiserende Eksamen vir die Ouditkunde Spesialiteit.

Die basiskursus is 'n Gevorderde Diploma in Ouditkunde, wat geakkrediteer is ter voorbereiding vir KE II. Dié kursus is opgradeerbaar na 'n Honneurs B.Rekeningkunde of 'n M.Rekeningkunde kursus deurdat studente 'n minitesis kan inlewer – waarvoor die navorsing kan handel oor navorsing in enige van die professionele rigtings: finansiële rekeningkunde, ouditkunde, bestuursrekeningkunde, belasting of inligtingstelsels.

Die Gevorderde Diplomakursus word tot Augustus by die Universiteit se Bellvillepark-kampus aangebied.

Navrae oor die kursus kan gerig word aan prof. Basie Brink (kursuskoördineerder), prof Geoff Anderson, of Sue de Villiers by tel. (021) 808-3428, faks (021) 886-4176. Soortgelyke kursusse bestaan ook vir die KE II – Bestuursrekeningkunde Spesialiteit, waarvoor navrae aan prof. William Brown by dieselfde nommers gerig kan word. ■

ACADEMIA BIED UNIEKE MATIE-BLYPLEK

Academia is die eerste Suid-Afrikaanse projek wat teen 'n enkelbedrag-betaling vooruit kampusverblyf verseker – vir studente se volle studietyd.

Dié unieke Stellenbosse studenteverblyf-konsep se eerste fase is byna voltooi en die eerste Maties gaan aan die begin van die nuwe akademiese jaar reeds daar intrek. Dit word oos van die Ingenieurs-gebouekompleks en naby die hoofkampus opgerig.

Academia is beplan vir 762 studente. Hulle sal uiteindelik in dertig drieverdiepinggeboue

woon, met sowat 24 studente in elke gebou. Die eerste agt geboue is reeds byna voltooi.


Blyplek word dus verseker vir jou kinders, of kleinkinders, vir eendag as hulle Maties word. Of die blyplek kan 'n belegging wees wat jy later kan verkoop of onderverhuur. Academia Eiendoms-administrasie (die bestuursmaatskappy wat ook die projek se bedryfs- en bestuursverpligtinge hanteer) sal dit namens jou doen.

Academia bied vier soorte akkommodasie aan: van 'n eenslaapkamer-woonstel tot 'n kamer met 'n badkamer. Alle verblyf is pri-

vaat en meestal toegerus met onder meer 'n yskas asook 'n tweekookstoof en oond.

Parkering word verskaf binne die sekuriteitsomheinde ontwikkeling – met landskaptuine en aansluiting by die Universiteit se veilige groen roete vir stap hoofkampus toe. Soos vir US-koshuise gaan daar 'n gedragskode in Academia geld. ■

■ Besonderhede oor Academia op www.academia.co.za of skakel Hennie, faks (021) 595-2028, tel. (021) 595-1444 of 082-464-0814.



WÊRELDPROJEK OOR STRAATKINDERS

Wat het straatkinders eintlik nodig? Om van die straat af in veilige sorg te wees? Kinders verlaat dikwels die hulpprogramme en “ver kies” om op straat te bly!

Suid-Afrika se oorgangsfase, die skoolsisteem en die skuif na inklusiewe onderwys het die skool- en onderwysituasie baie bemoelijk.

Straatkinders is 'n wêreldwye probleem, sê dr Gerrie Smit van die Departement Opvoedkundige Sielkunde en Spesialiseringsonderwys. Hy doen jare al uitgebreide navorsing op voetsoolvlak hieroor.

Smit is een van net vier navorsers wat genooi is om aan 'n internasionale projek oor straatkinders en buiteskool jeugdiges deel te neem. Die “European Network for Street Children Worldwide” en die Europese Parlement het dit saam aangepak.

Voordat die geld hiervoor toegestaan is, was daar 'n situasie-ontleding van projekte en navorsingsprogramme.

Die projek se ander drie navorsers kom van Portugal, die Filippyne en België. Hulle werk onderskeidelik in Brasilië, Roemenië en Senegal. Smit het vroeër vanjaar agt weke lank by die Universiteit van Santo Tomás in Chile gewerk, en gaan later opvolgwerk daar doen.

Hy koördineer 'n navorsingsprojek oor die Kaapstadse middestad-straatkind (“inner city street child”) asook ander projekte in dié stad se noordelike voorstede, elders in Wes-Kaapland, die Suid-Kaap en (saam met die Vrystaatse universiteit) in die Philippolis-gebied. ■

Mense wat wil help, reageer dikwels op wat hulle sien - verwaarloosde, honger, behoeftige kinders in vodde. Dan ontwikkel hulle uit dié verwyingsraamwerk projekte vir die kinders

HULPPROJEKTE 'WORD DEEL VAN DIE PROBLEEM'

Projekte om straatkinders te help, word dikwels deel van die disfonksionele siklus waarin dié kinders vasgevang is, sê dr Gerrie Smit.

Dit is veral so "omdat die dinamiek van groepe kinders se uiteenlopende behoeftes nie by projekbeplanning in ag geneem word nie."

Die kinders is vir uiteenlopende redes op straat. Party bedel byvoorbeeld bedags, neem die geld saans vir hul gesinne en slaap dan tuis, terwyl ander op straat leef.

Stokkiesdraai by skole en baie jongmense wat in "townships" en strate ledig rondloop, skep dikwels die illusie dat daar werklik baie straatkinders is. "Maar hul leefwyse en optrede verskil. En hulle beskou hulleself nie altyd as 'straatkinders' nie."

'n Dilemma ontstaan as dié kinders op straat opgemerk word deur groepe buitelanders, wat dan vanuit húl verwysingsraam projekte ontwikkel om vir die kinders kos, klere en opvoeding te voorsien.

Dikwels ondoeltreffend

Om verskeie redes is voorafbeplande projekte om die kinders te betrek, dikwels ondoeltreffend.

Eerstens word die kind se eie opvattinge en ervarings nie vir doeltreffende beplanning in aanmerking geneem nie.

Tweedens reageer groepe of individue wat graag wil help, dikwels op wat hulle sien - verwaarloosde, honger, behoeftige kinders in vodde. Hulle ontwikkel dan uit dié verwysingsraamwerk projekte vir die kinders.

Omdat die kinders nie 'n homogene groep is nie, verskil hul behoeftes en motiverings soms aansienlik. Juis daarom misluk programme dikwels, want die mense wat probeer help, neem nie die kinders se uiteenlopende behoeftes in ag nie.

Duur programme

Terwyl die kinders op straat probeer oorleef, pas hulle die programme binne hul eie dagplanne in, sonder dat dit hul gesins- en gemeenskapsintegrasie aanhelp. Die programme, wat baie kos, bevorder dus die disfonksionele siklus.

"Vrywilligers word dikwels in die projekte betrek om kinders met interessante programme en projekte besig te hou," sê Smit. Hy wys egter daarop dat die resultate van korte duur is omdat die kom en gaan van uiteenlopende helpers nie die ontwikkeling van 'n stabiele verhouding en vertroue by die



Gerrie Smit "Straatkinders is 'n wêreldwye probleem."

kinders bevorder nie.

"Die nuwe oorgangsfase in die land en die skoolsisteme asook die skuif na inklusiewe onderwys het die situasie vir skole en die onderwys baie moeilik gemaak."

Die neiging dat leerders die skool verlaat en bedags in groepe rondloop, neem toe, deels omdat onderwysers nie altyd die moeilike situasies waarin dié kinders is, verstaan of in ag neem nie. Daar word dan geprobeer om dié leerders by projekte te betrek sonder om die werklikheid in ag te neem en die skoolsisteme as vennoot te betrek.

Die kind moet 'n stabiele verhouding met 'n betekenisvolle volwassene kry - die gevoel van behoort aan, gesinsbeleving en konsekwente sekuriteit

Maar wat is hul basiese behoeftes? Mense glo die kinders se basiese behoeftes word vervul as hulle van die straat af in veilige sorg geplaas word. Die neiging is egter dat die kinders dikwels hulpprogramme verlaat en "ver kies" om op straat te bly.

Een rede hiervoor is dat die programme in die meeste gevalle nie die kinders se unieke behoeftes aanspreek nie. Dié behoeftes sluit onder meer in dat daar vir die kind 'n stabiele verhouding met 'n betekenisvolle volwassene geskep word; die gevoel van behoort aan, gesinsbeleving en konsekwente sekuriteit.

Dieper liggende behoeftes

Om dié belewenisse by die kinders te vestig en te skep, vereis van projekte om groepe kinders se situasies deurlopend te ontleed sodat dieper liggende behoeftes verstaan word. Die impak van die programme moet ook heeltid gemoni-

teer word, en aangepas word as dit nodig is.

Programme met 'n fasebenadering vereis byvoorbeeld dat as 'n kind vir een maand lank die voedingsessies (fase 1) getrou bywoon, hy/sy na die volgende programme (fase 2) kan vorder. Dié programme is egter uit die projekbestuurders se verwysingsraamwerk ontwikkel.

Die boodskap wat die kind kry as hy nie vir die volgende fase kwalifiseer nie, is dat hy "nie goed genoeg is nie." Dit motiveer hom om terug te val in die ou patrone van valse hoop en gebrekkige "sekuriteit." In die eerste fase is daar net in die basiese behoefte van kos voorsien. Die kind se werklike behoefte aan die opbou van 'n stabiele verhouding bly onbevredig.

Holistiese benadering

Smit bepleit 'n holistiese benadering wat op 'n 24-uur basis die kind in al sy kontekste en behoeftes op 'n geïntegreerde manier akkommodeer; wat werklike respek, ondersteuning en ontwikkeling van die kind se kant af aanmoedig.

Die kinders manipuleer dikwels programme om hulself te pas sonder dat die programme 'n impak op die kinders het. Hulle gaan na die kosprojekte as hulle wil eet en, as hulle lus het vir die verf- of sokkerprojekte, weer soontoe. Gebrekkige koördinering motiveer en onder-

hou die manipulerings van die kinders. Tussenin bedel hulle op straat en beplan om die projekte by hul "roosters" in te pas." Só word die programme deel van 'n disfonksionele siklus.

Smit meen daar moenie programme vir straatkinders in die middestad aangebied word nie. Die klem moet eerder wees op die gemeenskappe van waar die kinders kom. "In die stad self behoort daar hoogstens straatwerkers te wees." Hulle moet deur een liggaam gekoördineer word wat daagliks met die gemeenskappe kommunikeer. "Die straatkinders moenie 'vakansiehuisse' in die stad hê nie."


'n Kernspan van opgeleide mense moet met die kinders werk, sê Smit. Vrywilligers moet projekte indirek ondersteun en nie direk met die kinders werk nie. "Dit skep inkonsekwentheid en verminder die moontlikheid om 'n stabiele vertrouensverhouding met 'n betekenisvolle persoon te ontwikkel." ■

The University of Stellenbosch, with traditionally strong departments in Engineering and the Sciences, has swiftly moved to the front of the pack in attracting THRIP funds – a staggering R29,9 million in 1998. **Terry Plantinga** reports

COMPETITION IN THE GLOBAL VILLAGE

The community in “community service” is embracing a nation’s business and industry, and service to this expanded community includes the university’s research.

Top ten receivers of THRIP funding from 1995 to 1998



A future-oriented government has seen an opportunity to multiply its meagre resources by encouraging this collaboration between industry and higher education.

Thus was born THRIP, Technology and Human Resources for Industry Programme. Administered by the National Research Foundation and funded by the Department of Trade and Industry as well as individual industries involved, its stated mission is to “improve the competitiveness of South African industry, by supporting research and technology development activities and enhancing the quality and quantity of appropriately skilled people.”

That’s quite a mouthful, but in practice it’s actually quite simple. University researchers (in collaboration with industry), get a project started, find appropriate industry partners to support it, and THRIP augments the industry’s investment up to a rand for rand.

Everyone benefits: the educational institution receives funding, students are involved in cutting-edge research leading to technology-based careers, industry becomes more competitive, and the nation’s economy gets a boost.

The University of Stellenbosch, with traditionally strong departments in Engineering and the Sciences, has swiftly moved to the front of the pack in attracting THRIP funds. In 1998 the University was awarded R29,9 million, followed by the University of Cape Town and the University of Pretoria, at R25,5 million and R24,7 million respectively.

The major Stellenbosch awards were in areas as diverse as Polymer Science, Industrial, Electrical, Electronic and Mechanical Engineering, Wine and Plant Biotechnology, and Horticultural Science. It’s this kind of research, whether on satellites, polymers or flowers, that promotes global competitiveness at the University of Stellenbosch.

Two of the most significant developments affecting South Africa’s economy in the decade of the 90’s were the technological revolution and the nation’s emergence from world isolation.

From the convergence of the two was born a new watchword: competitiveness in our global village. In the course of the decade, the University of Stellenbosch and other tertiary institutions across the country have placed themselves in the vanguard of the push for global competitiveness.

Through a new emphasis on applied research and co-operative ventures with industry and government, the nation’s universities are leading the way towards a competitive position for South Africa in the world economy.

Until relatively recently, university research results would find their way into papers, articles in academic publications, and books with forbidding titles. This research, along with teaching and service to the community, formed the three-legged chair upon which the university sat.

We are now well into the technological revolution, and the modern university has left the ivory tower and has started to re-examine its traditional stance. It’s finding that the community in “community service” is a much broader one embracing the nation’s business and industry, and that service to this expanded community includes the university’s research.

Everyone benefits: the educational institution, students, industry and the nation’s economy

CUTTING-EDGE RESEARCH FOR A FICKLE BUSINESS

Molecular genetics enables Prof Sakkie Pretorius, an A-rated scientist, to develop new grape cultivars and wine yeast strains for the South African wine industry.

His cutting-edge research is aimed directly at improving the industry's international competitiveness. Last year his Institute was awarded over R1 million in THRIP funds.

Winemaking is a fickle, elusive business. A whole host of factors affects the taste of the final product, from the placement of the vineyard on the land to the precise temperature in the vat. Winemakers fiddle constantly with one element or another, chasing the rainbow of taste.



The advent of high technology has brought with it the promise of far greater precision in the design of the "perfect" wine. Vines can be altered genetically to promote desirable characteristics.

The same holds true for yeasts, and molecular genetics and recombinant DNA technology are the keys. No commercial wines have yet been made with this forefront technology. A conservative industry, responding to an uncertain consumer, is holding off. Pretorius is confident that the time will come,

and soon, as it has already in medicines and foodstuffs, such as milk and tomatoes. "If you use proper safeguards and observe regulations," he says, "it's completely safe technology." **N**

High technology has brought with it the promise of far greater precision in the design of the "perfect" wine. Vines can be altered genetically...

FROM A SMALL GARAGE INTO OUTER SPACE

With the thundering launch of a NASA Boeing Delta II rocket from Vandenberg Air Force Base in California early this year, the University of Stellenbosch joined the space age.

Sunsat (the University of Stellenbosch Satellite) had its beginnings in a small garage in Stellenbosch eight years ago. Two University engineering professors, Garth Milne and Arnold Schoonwinkel, were looking for a way to combine the technology of several disciplines and encourage students to work together. They convinced each other that a South African university could build a satellite, and they were right.

Since then, 72 Stellenbosch students have obtained their degrees through their research on the satellite project, which was awarded almost R2,5 million in THRIP funds in 1998. School children across the country have been mesmerised by the wonders of science and technology through a spin-off program called Sunstep. High-tech companies and the South African government have become involved, and international agreements have been reached.


Sunsat is in a low earth orbit, passing over South Africa every 90 minutes, taking full-colour, high resolution pictures which are down-loaded at the University. These images will be used in agriculture and environmental research, among other areas. School children and amateur radio enthusiasts will be able to communicate with Sunsat, and another generation of university students will gain practical, high-tech experience operating the satellite's systems and solving the inevitable problems. **N**

They convinced each other that a South African university could build a satellite, and they were right



Designing ways for industry to catch up

"We're used to looking beyond the boundaries, and now that we have access to the latest, we're going to continue doing that"



It may be stating the obvious to say that South African industry has emerged into a fiercely competitive, technology-driven world economy.

The nation's industrial engineers are particularly affected; upon them rests the responsibility of designing ways for industry to catch up. At the University of Stellenbosch, the Department of Industrial Engineering's answer is their Global Competitiveness Centre.

The Centre concentrates on process-driven technology made affordable to small/medium enterprises. "We don't have the Europeans' capacity," says Professor Niek du Preez, who heads the Centre, "so our emphasis must be specifically South African."

The Centre comprises a corps of University engineers, graduate students and industry professionals who work together towards an ambitious goal: to identify, acquire, master and teach leading-edge technology, and transfer it to industry.

The Centre's success is reflected by a THRIP award of nearly R4,5 million in 1998.

According to Prof du Preez, South Africa's long period of isolation has had at least one benefit: the nation's engineers became accustomed to achieving results from outdated technology that was never intended to cope with high-tech applications. "We're used to looking beyond the boundaries," he says, "and now that we have access to the latest, we're going to continue doing that." **N**

Perhaps no other area of scientific research affects the average citizen as directly. And much, perhaps most, of the nation's basic research in polymers occurs at this institute

WE EAT IT, WEAR IT AND LIVE IN IT

Polymers are a part of life to a degree that few of us recognise, from the houses we live in, to the food we eat, to the clothes we wear and the transportation we use.

"We take chemicals," says Professor Ron Sanderson, director of the University's Institute for Polymer Science, "and make solid products - plastics, fibres, adhesives, paints, cables, car and computer components, packaging material, clothing, furniture, appliances, aircraft and medical prostheses."

Perhaps no other area of scientific research affects the average citizen as directly. And much, perhaps most, of the nation's basic research in polymers occurs at Sanderson's Institute.



Plascon's research is headquartered there, and the Institute's industrial links include Polifin, Sasol, AECL, Cyanochem and many

more. It's not surprising that the Institute was awarded over R5,5 million in THRIP funds last year, the largest award yet at the University of Stellenbosch.

The Institute attracts students and researchers from all over Europe and Africa, and the reverse is also true, with Institute students doing research in the USA, Germany, Holland, Belgium and Australia. Even the United Nations is involved, through a UNESCO award as one of only nine international sites for the study of macromolecules and materials, aimed at the historically disadvantaged. "We want more students!" "The industry is crying for them, and that means a higher than normal salary structure," says Sanderson. **M**

© GALLO

Exploiting plant potential

In the last decade, research in plant genetics has become so commonplace that in 1997 there were 25,000 field tests of genetically manipulated plants (GMP's).

The aim so far has mainly been to lower input costs, and includes aspects such as pesticides, insecticides, and pathogen resistance.

The Institute for Plant Biotechnology at the University of Stellenbosch is already hard at work on the next generation of GMP's aimed at output aspects, particularly the sugar and acid contents of plants.

Directed by Professor Frikkie Botha, the Institute has attracted the strong support of South Africa's wine and sugar industries, and along with it a THRIP award of over R1 million.

For wine grapes, sugar and acid content are of crucial importance for



the quality of the wine and as a yardstick for harvesting. And the sugar industry estimates that an increase of only 2% in the sugar content of the sugarcane plant would be worth more than R300 million to the industry.

The Institute's specific focus is on promoter elements in grapes and sugarcane, the "switch" that turns gene expression on or off. These promoter elements are one of the main stumbling blocks preventing the full realisation of the incredible potential of genetic engineering in these two crops.

The level of the research at the Institute can be measured by the fact that researchers have already

Promoter elements are one of the main stumbling blocks preventing the full realisation of the incredible potential of genetic engineering in vines and sugar cane

filed two provisional patents on specific promoters for sugarcane, and the identification of a third promoter is in an advanced stage. **M**

MOST SOPHISTICATED ENGINE TEST FACILITY

How clean is the air in the cities of South Africa? What contribution do motor vehicles make to air pollution? Do new cleaner-burning fuel injected engines make a difference?

These are among the questions for which answers are being found at the Centre for Automotive Engineering, University of Stellenbosch. Dr Andrew Taylor, the Centre's Director, says the local automotive industry historically lacks a research and development culture, and he's doing something about it at the University of Stellenbosch.

Described as "possibly the most sophisticated engine test facility in South Africa," the Centre is, not surprisingly, supported by the nation's automotive industry, and thus by THRIP with an award last year of more than R1million.

The Centre is helping the industry become globally competitive. Taylor's researchers have found, for instance, that, despite conventional wisdom, the lack of emissions control systems on vehicles manufactured locally may actually cost the South African driver more in the long term.

This can be attributed to the loss of unburned fuel. That loss costs unearned foreign currency, since the vehicles cannot be exported to many countries. Fitted emissions control systems raise the level of global competitiveness, and a healthier environment. **M**



Backbone of the Western Cape's economy



The Department has been working hand-in-hand with the fruit industry for 80 years, and the industry has responded with considerable funds

The export of deciduous and citrus fruit is the backbone of the Western Cape's economy. It earns huge amounts in foreign exchange, supporting development in the entire region.

Professor Etienne Rabe, head of the Department of Horticulture, University of Stellenbosch, flatly states, "The horticultural export industries are of cardinal importance to our country."

The Department has been working hand-in-hand with the fruit industry for 80 years, and the industry has responded with considerable funds for the Department and for specific research projects. So has THRIP, with an award last year of over R1 million. Because fruit cultivation is so labour-intensive, THRIP is particularly interested in the Horticulture Department's research into human development in the nation's orchards.

The growing cut flower industry is another area of the Department's focus. The industry earned more than R100 million in foreign exchange last year, with the Department's help. When overseas clients told flower producers that they wanted longer and straighter stems, the Department's researchers went to work, and discovered that the desired stem can be attained simply with a different pruning cut. **M**

HELPING TO LIGHT UP THE NATION

Facts are a university's stock in trade. In the Department of Electrical and Electronic Engineering, University of Stellenbosch, however, FACTS takes on a different meaning. It's an acronym for Flexible AC Transmission Systems, and refers specifically to the manipulation of high electrical power.

The FACTS Research Group, headed by Professor Johann Enslin, is playing a major role in a developing South Africa. Large portions of the nation remain without electricity, and the problems encountered in reaching these areas are enormous.

Part of the answer lies in a fast developing technology: power electronic applications. The term applies to the conversion and manipulation of high electrical power using semiconductor devices, and is a significant area of research in the generation and transmission of electrical power.

This is where the FACTS group is concentrating its attention, with six



permanent researchers and engineers and about 20 post-graduate students. The majority of projects are contract research work undertaken for industry, and have resulted in patents in the USA, Germany and South Africa.


Unsurprisingly, FACTS is largely supported by Eskom and Spoornet, and last year was awarded over R4,3 million in THRIP funds to maintain and expand its work. **M**

Part of the answer lies in a fast developing technology: power electronic applications... and it's a significant area of research in the generation and transmission of electrical power

Carol Campbell writes about the Stellenbosch engineering professor who is in demand around the world by shipping companies wanting exclusive rights to his invention

FULFILMENT OF AN INCREDIBLE DREAM

"It works on the same scientific principles as an aeroplane. Once a boat has been fitted with foils it flies over the water."



It happened so unexpectedly. **Karl-Gunter Hoppe**, a Stellenbosch University marine engineer, was working in the university's towing tank trying to make a model catamaran, fitted with a foil, go faster on less fuel.

He and a couple of students, had been at it for five hours when the little boat finally raced down the tank in record time. "It must be a mistake," he shouted across the massive laboratory to the students working on the other side, "let's do it again."

Five weeks later he did do it again this time with a larger vessel. "It was remarkable because marine engineers around the world had been experimenting with foils for some time but no one had managed to get it right until we tried," says Professor Hoppe.

That day in the towing tank was 20 years ago and today the professor is in demand around the world by shipping companies wanting exclusive rights to his invention but he is reluctant to sell it outright to one ship builder. "Just how we are going to patent this is something the University is still working out," he says, "No one company should have exclusive world-wide rights."

Nosedives and sinks

The secret of the foil's success is in its correct placement on the hull/s of the boat. Just a little too far forward and the vessel juts out of the water – too far back and it nosedives and sinks. "It works on the same scientific principles as an aeroplane. Once a boat has been fitted with foils it flies over the water," he says.

The invention is called the Hysucat or "hydrofoil supported catamaran" and can be applied to craft of all sizes including the massive 3 000-ton, 100-metre long warships favoured by the Americans. In fact Hoppe has had inquiries from international ship builders asking if he is working on something that big. "No, we don't have the money. If somebody funds the projects, we'll do it." The technology between a single hull and a double hull vessel is slightly different but the science is the same, he says.

The theory is that a foil, placed correctly on the bottom of a boat, lowers the resistance caused by the drag and weight of the craft – by as much as ten times. It took a long time before ship builders began to realise that Hoppe's discovery could change the face of marine engineering. "I had students from the navy with me when we ran the first experiment in the towing tank yet their bosses were the last to believe that what we discovered was truly mind-boggling."

"Just how we are going to patent this is something the University is still working out...No one company should have exclusive world-wide rights"

Biggest in the USA

He is currently fitting a foil to a 40-metres long 170-ton ferry for Halter Marina, the biggest ship builder in the United States based in New Orleans. "It's their demo-

model and they first want to see what the foil can do on one of their vessels before they build new ferries from scratch."

Ideally he prefers to first build a model of the vessel on which he is going to be working – which is not what happened on the Halter Marina vessel. "It's very costly to keep hauling the boat out of the water with a crane just to tweak the foil." There is a chance that the company will win the American licence to build Hysucats of that size but negotiations with Stellenbosch University are still in the early stages.

The professor is also working with an Argentinian company who want foils on an 80m long, 630-ton car ferry. "It's been on hold since the stock market crash but should get going again fairly soon."

Just babies

The students Hoppe was with on the day he made his discovery have gone their separate ways but new faces, some just babies when he began his work, will take his findings into the next millennium.

One of the most exceptional is Günther Migeotte, the only doctoral student to work on the project so far. Last month his paper on the Hysucat was chosen as the best student paper submitted to the International Conference on Fast Sea Transportation conference (FAST' 99) held in Seattle. "I feel so fortunate to be doing this type of research at Stellenbosch because, if I was a student in Britain or the United States, I would probably be one of 20 fighting to do my little bit."

For Hoppe, who has a cupboard full of student projects on foil assisted catamarans, the last 20 years have been the slow fulfilment of an incredible dream. "It was a good idea which worked when we tried it – at the end of the day I think it could well change the face of sea transportation making boats faster and more economical than ever before." ❏

Main photo: Karl-Gunter Hoppe – in demand around the world by shipping companies wanting exclusive rights to his invention. Insert: Günther Migeotte displays a catamaran model fitted with a "hydrofoil." The device, invented by Karl-Gunter Hoppe, makes boats go substantially faster on less fuel and is in demand by international ship builders.

Sandhopies help met aardbewings

Prof Per Bak van die Niels Bohr Instituut in Kopenhagen, Denemarke, se gewilde boek *How Nature Works* toon met groot sukses aan hoe die eenvoudige analise van sand wat in 'n hophie laat val word, lei tot die gedagte van 'n self-georganiseerde kritiese sisteem, en hoe dit gebruik kan word om wetmatighede in sisteme en verskynsels te ontleed – soos aardbewings, die aandelemarkt, die werking van die brein of die uitwissing van spesies oor geologiese tye.

Bak was vroeër vanjaar op Stellenbosch 'n genooide spreker by 'n somerskool oor teoretiese fisika. Sy reeks lesings was een van sewe deur internasionale sprekers oor

"Sandpiles, random systems and random walks."

'n Matie, Leandro Boonzaaier, 'n MSc-student, ondersoek saam met prof Hendrik Geyer, direkteur van die Instituut vir Teoretiese Fisika aan die US, die toepaslikheid van die sandhooptomodel om seismiese data van die mynbou-omgewing te analiseer.

Boonzaaier kry 'n beurs van ISS International, 'n maatskappy wat in Welkom gesetel is en nou ook 'n kantoor op Stellenbosch geopen het. Die ramp in Welkom 'n tyd gelede het beklemtoon hoe lewensbelangrik enige nuwe insigte in die aard en frekwensie van mynskuddings is. ❏



Links bo: Per Bak, Deense skrywer van "How nature works". Regs bo: Leandro Boonzaaier en Hendrik Geyer: Sandhopies kan help met mynskuddings

Nuwe toerusting van etlike miljoene rande help Stellenbosse chemici en biologiese wetenskaplikes met hul navorsing, wat ook buite Suid-Afrika hoog aangeslaan word.

Deur **Malene Breytenbach**

CHEMICI, BIOLOË OP DIE VOORPUNT

“Met voortreflike navorsing kan die US ’n gesogte diens aan plaaslike en internasionale bedryfs-gemeenskappe lewer.”

Die Universiteit beweeg op die voorpunt van chemie en die biologiese wetenskappe in Suid-Afrika.

Drie van die US se ses A-kategorie navorsers, soos ge-evalueer deur die NNS (voorheen die SNO: Stigting vir Navorsingsontwikkeling) is chemici.

Hulle is dus gesogte wetenskaplikes wat internasionale erkenning geniet. Van hulle is selfs uit die buiteland vir die Universiteit gewerf.

Eerste uit Afrika

Die US se nuwe direkteur: navorsing (natuurwetenskappe) is ’n chemikus, prof Piet Steyn, wat onlangs tot ondervoorsitter van die “International Union of Pure and Applied Chemistry” (IUPAC) verkies is. Hy is die eerste uit Afrika en die tweede in die Suidelike Halfrond wat dié amp beklee. In 2001 word hy outomaties dié prestige-organisasie se voorsitter.

Steyn, wat voorheen deur die SNO as A-gegradeerde navorser aangewys

Dr Ben Ngubane (links), minister van onderwys, wetenskap, kuns en tegnologie, met die inwyding van die nuwe KMR-toerusting wat R5,5 miljoen gekos het. By hom is dr Peter Sándor van Duitsland, ’n wetenskaplike van die verskaffingsfirma, Varian.



is, was tot onlangs direkteur van die Potchefstroomse Universiteit se Skool vir Chemie en Biochemie. Hy het al in die buiteland naam gemaak met sy navorsing in bio-organiese chemie – waarin hy met Suid-Afrikaanse en oorsese navorsingsinstansies en wetenskaplikes saamwerk.

Steyn het minstens vyf prestige-toekennings, waaronder drie goue medaljes, vir sy bydraes tot chemie gekry.

Hy wil as “katalis” optree om die US een van die voorste navorsingsinstansies in die land te maak. “Met voortreflike navorsing kan die Universiteit ’n gesogte diens aan plaaslike en internasionale bedryfs-gemeenskappe lewer,” meen hy.

THRIP-presteerders

Die Universiteit het vanjaar R29,9 miljoen van THRIP (“Technology and Human Resources for Industry Programme”) ontvang – die meeste van alle Suid-Afrikaanse tersiêre inrigtings (berig op bl 8).

Twee A-kategorie navorsers in Chemie het verlede jaar die grootste bedrae van THRIP gekry: prof Ron Sanderson, direkteur van die Instituut vir Polimeerwetenskap, wat altesaam R5,6 miljoen ontvang het en prof Ben Burger van Organiese Chemie, aan wie R200 000 toegeken is vir die 600 MHz Kernmagnetiese Resonansiespektrometer (KMR) wat onlangs by die Universiteit geïnstalleer is.

Burger spesialiseer in feromoonanalise. Hy het talle publikasies agter sy naam en het sy navorsing al by 39 internasionale kongresse en 52 nasionale kongresse oorgedra. Hy is ook ’n gesogte spreker by ander SA en buitelandse byeenkomste.

Verlede jaar het Sanderson ook R700 000 van die SNO ontvang vir ’n “Gradient Polymer Elution Chromatography/Temperature Rising Elution Fractionation (GPEC/TREF) Analytical Facility”.


Sanderson is direkteur van die Instituut vir Polimeerwetenskap asook direkteur van die “UNESCO Associated Centre for Macromolecules and Materials” aan die Universiteit. Hy spesialiseer in membrane, skeiding reaktors en polimere en is lid van of adviseur vir sowat 21 Suid-Afrikaanse en internasionale bedryfsliggame.

Stryd teen siektes


Die Kernmagnetiese Resonansiespektrometer (KMR) is die gesofistikeerdeste toerusting wat deur chemici, biochemici en molekuleêre bioloë in hulle stryd teen gevreesde en dodelike siektes op die Afrika-kontinent gebruik word.

Die KMR-toerusting wat onlangs op Stellenbosch, by die Departement Chemie aan die US, geïnstalleer is, is die eerste soortgelyke

...onmisbaar vir opleiding en navorsing in verskeie fakulteite. Minstens 130 gevorderde tsesisse met uitgebreide KMR-gefundeerde bevindings het die afgelope drie dekades die lig gesien



Regs: Pat Sandra: Die eerste keer dat iemand by die US so 'n hoë klassifikasie kry. Links bo: Piet Steyn: wil 'n "katalis" wees om die US een van die voorste navorsingsinstansies te maak. Regs bo: Jannie Hofmeyr: "Vir die eerste keer kan die kompleksiteit van die natuur beter verstaan word."



een in Afrika. Dit het R5,5 miljoen gekos en is by die firma Varian in Palo Alto, Kalifornië, gekoop.

Die spektrometer (bekend as die Unity INOVA 600) funksioneer as 'n nasionale fasiliteit wat aan die hele Suid-Afrikaanse navorsingsgemeenskap se gesofistikeerde KMR-behoefes voldoen. Dit is nou die kragtigste beskikbare toerusting vir die verskaffing van uitvoerige inligting oor die mees komplekse molekulêre stelsels.

... 'n nasionale fasiliteit wat aan die hele Suid-Afrikaanse navorsingsgemeenskap se gesofistikeerde KMR-behoefes voldoen

Hendrik Spies, wat in beheer is van die KMR laboratorium, is een van Suid-Afrika se bekwaamste KMR-toepassingswetenskaplikes.

Die gebruik van KMR-spektroskopie het baie bygedra tot die groot vordering in biotegnologie. Nuwe insig rakende klein molekules en biomolekules kan gebruik word om middels te ontwikkel teen siektes soos vigs, kanker, tuberkulose, malaria, bilharzia en slaapsiekte – wat grootskaalse verwoesting in Afrika saai.

KMR-spektroskopie is 'n onmisbare deel van opleiding en navorsing in verskeie fakulteite aan die US. Minstens 130 gevorderde tesisse met uitgebreide KMR-gefundeerde bevindings het die afgelope drie dekades die lig gesien.

Wêreldleier

Pat Sandra, 'n Stellenbosse chemie-professor, is een van slegs 40 navorsers ter wêreld wat deur die Nasionale Navorsingstigting (NNS) as A1-navorsers gekeur is. Dit is die eerste keer dat iemand by die US so 'n hoë klassifikasie kry.

A1-navorsers word deur hulle eweknieë as wêreldleiers beskou weens die hoë gehalte en impak van hul navorsing, en word volgens hul jongste navorsingsuitsette op spesialisgebied gekeur. Sandra is volgens vier onlangse navorsingsuitsette geëvalueer deur tien evalueerders, onder meer uit Suid-Afrika, die VSA, Nederland, die Verenigde Koninkryk, Rusland en Frankryk.

Voordat hy verlede jaar vir die US gewerf is, was hy verbonde aan die Universiteit van Ghent in België en die Eindhovense Tegnologiese

Universiteit in Nederland. Hy spesialiseer in analitiese chemie, spektroskopie en kapillêre chromatografie, en wil 'n Sentrum van Uitnemendheid in Skeidingswetenskappe aan die US vestig.

Sandra het al dwarsoor die Westerse wêreld én in Afrika- en Oosbloklande diens gelewer. In die SA chemiebedryf werk hy onder meer vir Sasol, Winetech, Pelindaba Labs en Chemetrix. Internasionale maatskappye in nege lande gebruik hom as 'n konsultant. Hy het vyf toekennings gekry, uit Rusland, die VSA, die VK en Venezuela.

'Opwindende era'

Die NNS het prof Jannie Hofmeyr van die Departement Biochemie en adjunkdekaan van die Fakulteit Natuurwetenskappe, vanjaar as 'n A-gegradeerde wetenskaplike geëvalueer.

"As wetenskaplikes lewe ons in 'n opwindende era," sê Hofmeyr. "Vir die eerste keer kan die kompleksiteit van die natuur beter verstaan word." Hy probeer om die mees komplekse stelsel van almal te verstaan – die netwerk van chemiese reaksies en interaksies waaruit die lewende sel bestaan.

Kundige met sy span

Prof Helgard Raubenheimer, was hoof van anorganiese chemie by die Randse Afrikaanse Universiteit voordat hy verlede jaar na die Universiteit van Stellenbosch gekom het – saam met 'n span doktorsale en postdoktorsale navorsers. 'n Nuwe laboratorium is vir hulle by die US se Departement Chemie en Instituut vir Polimeerwetenskap ingerig.

Nog voorste chemici

Dr Dmitri Bessarabov (32), a senior lektor in die Departement Chemie, het ses jaar gelede uit Rusland Suid-Afrika toe gekom. Nadat hy 'n doktorsgraad in polimeerwetenskap aan die US verwerf het, is die SA Chemiese Instituut se Sasol nagraadse medalje aan hom toegeken.

Bessarabov het reeds meer as 70 referate oor die fisiese chemie van membraanprosesse gepubliseer. Hy werk meesal oor watersuiwering.

Prof Jan Dillen, wat in fisiese chemie spesialiseer en een van die voorste teoretiese chemici in die land is, het uit België gekom om hom by die US aan te sluit.

Prof Andrew Crouch, 'n spesialiskenner oor elektrochemie (wat skaars is in Suid-Afrika) het ook vanjaar by die Departement Chemie aangesluit. Hy kom van die Universiteit van Wes-Kaapland af. 

Bykans 16 000 simpatie-poskaarte wat uit Europa aan pres Kruger gestuur is, vorm 'n interessante deel van die Universiteit se



UITSTEKENDE VERSAMELING OOR DIE ANGLO-BOEREOORLOG

Kamp Krijgsgevangenen Ceylon.

Verkocht door de „Haagsche Pro-Boer Vereeniging” (Molenstraat 4) ten bate van de gevangen vrouwen en kinderen in Zuid-Afrika.



Hooffoto: 'n Boere-krygsgevangene-kamp in Ceylon: Een van die talle foto's in die Leyds-versameling.

Bo: WJ Leyds: Sy rol in Europa was onmisbaar vir die Boeresaaik.

NIEL HENDRIKSZ vertel hoe die US die “kroonjuweel” van sy boeke en dokumente oor die Anglo-Boereoorlog by 'n Nederlander gekry het.

In die Africana-kamer én op die uitleenrakke van die J.S. Gericke biblioteek is daar 'n skat van boeke en dokumente oor die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902).

Danksy die aandag wat Hanna Botha, hoof van Spesiale Versamelings by die JS Gericke, en haar voorgangers aan dié tydperk in die geskiedenis gewy het, het die biblioteek 'n uitmuntende versameling oor die oorlog.

Pres Paul Kruger se eertydse staatsekretaris, dr WJ Leyds, het sy unieke versameling in 1920 aan die US geskenk. Dit vorm beslis die kroonjuweel van die biblioteek se ABO-versameling.

Willem Johannes Leyds is op 1 Mei 1859 in Magelang, Java, gebore. Ná 'n onderwysloopbaan in Java en Nederland word hy in 1884 deur Kruger as staatsprokureur van die Zuid-Afrikaanse Republiek gewerf en aangestel.

In 1888 word hy staatsekretaris en tot die einde van die ZAR se bestaan is hy Kruger se regterhand. As staatsekretaris is hy onder

meer in beheer van buitelandse beleid kort voordat die oorlog begin.

In 1898 bedank hy weens swak gesondheid uit sy amp, maar Transvaal benoem hom as buitengewone gesant en gevolmagtigde minister van die ZAR in Europa, met sy tuiste in Den Haag.

Met die uitbreek van die oorlog op 11 Oktober 1899 het sy rol onmisbaar geword in die werwing van geldskenkings, mediese bystand en om vrywilligers te organiseer, propaganda vir die Boeresaaik te maak en om oorsese hulp en steun lewendig te hou.

Aan die einde van die oorlog tree hy af in Den Haag, maar behou sekere pligte, soos die beheer van die Boererepublieke se “geheime” fondse. Hy vergesel pres Kruger se stoflike oorskot terug na Suid-Afrika, maar die Britte weier dat hy die land binnekom.

Leyds lê hom nou toe op die skryf van die Zuid-Afrikaanse Republiek se geskiedenis en lewer verskeie werke van groot belang. In 1939 het die US 'n eredoktorsgraad aan hom

toegeken. Hy is in Mei 1940 in Den Haag oorlede.

In haar biografie oor Leyds, "Kruger se regterhand", skryf dr LE van Niekerk (bl. 356-7): "As deel van sy onafgebroke strewe om veral 'n Nederlands-Afrikaanse onderwysrigting in Suid-Afrika te bevorder, het dr. Leyds in 1920 besluit om sy versameling boeke, brosjures en pamflette oor Suid-Afrika aan die universiteit van Stellenbosch te skenk."

Die versameling Britse Blouboeke en ZAR staatspublikasies is baie groot, en steeds van die mees geraadpleegde items oor die oorlog

Van die reeds hiervoor, soos blyk uit briewe wat Leyds aan sy kinders geskryf het, was dat die US na die oorlog vooraan gestaan het in die stryd om die behoud van Afrikaans. Anders as die Engessprekende SA universiteite wat byvoorbeeld uit die Rhodes-fonds ondersteun is, was die US grotendeels op sy eie middele aangewys vir die aanskaf van boeke.



Buiten boeke, bevat die Leyds-versameling by die US ook heelwat tydskrifte, dokumente, foto's en briewe asook plakboeke van Europese koerantberigte oor die oorlog. Daar is ook sowat 200 foto's van die oorlog. Die versameling Britse Blouboeke en ZAR staatspublikasies is baie groot, en steeds van die mees geraadpleegde items oor die oorlog.

'n Interessante deel van die versameling is die bykans 16 000 simpatie-poskaarte wat aan Kruger gestuur is. Dié poskaarte is waarskynlik onder Leyds se bestuur in Europa aan simpatiseerders van die Boere verkoop en toe gepos na sekere plekke waar Kruger aangedoen het tydens sy Europese ballingskap wat in 1900 begin het.



Die poskaarte is in Nederlands, Frans, Italiaans en Duits gedruk met wisselende inskripsies. Die drukwerk is hoofsaaklik by die Deutschen Michel, Leipzig, gedoen. Daar is ook enkele Engelse kaarte, wat in Ierland gedruk en uitgegee is.

Leyds het dit blykbaar alles versamel en later aan die US en die Boomstraat Museum in Pretoria geskenk. Van die mooiste en mees besonderse voorbeelde daarvan is in die Africana-kamer by die US. Kenneth Griffith van Knysna het die kaarte in 1984-'85 georden en beskryf.

■ **Niel Hendriksz is vakbibliotekaris vir o.m. geskiedenis by die JS Gericke-biblioteek.**



Enkele van die duisende simpatie-poskaarte wat aan Kruger gestuur is. Onder is 'n Propaganda-pamflet wat vir die Boersaak in Rusland versprei is.



© COLIN ELLIOTT

“Ons kan baie leer van ou virusinfeksies wat lank met die mensdom verbind word,” sê Estrelita van Rensburg, hoof van Mediese Virologie in die Fakulteit Geneeskunde. Sy het met **Sybelle Albrecht** gesels

VIRUSSE

EIS MEER LEWENS AS OORLOË OF HONGERSNOOD

Soos tienduise jaar gelede is die grootste bedreiging vir die mensdom steeds mikroskopies klein.

Sedert die begin van die mensdom, duisende jare gelede, het meer mense aan infeksies gesterf as in oorloë of van hongersnood. Prof Estrelita van Rensburg, hoof van Mediese Virologie in die Fakulteit Geneeskunde, het onlangs haar professorale intreerede gewy aan die deurslaggewende rol van virusse in die lotgevalle van die mens – vanaf die vroegste tye reeds, tot die HIV/Vigs pandemie wat in die vroeë tagtigerjare uitgebreek het en nou, veral in Afrika, elke jaar miljoene lewens eis.

Sy sê regerings van die sg. Eerste Wêreldlande het in die sewentigerjare nog gewaarsku dat alkohol, sigareetok en motorbestuur sonder die gebruik van sitplekgordels die grootste gevare vir die moderne mens inhou. “Hulle was verkeerd. Die grootste bedreiging – soos 10 000 jaar gelede – is nog steeds mikroskopies klein,” sê sy, met verwysing na die gevare van virusse.

Volgens prof van Rensburg kan die verskyning van nuwe virusinfeksie nie in isolasie gesien word nie. “Ons kan baie leer van ou virusinfeksies wat lank met die mensdom verbind word.”

Verwoestende siekte van ‘eerstes’

Een van die eerste gedokumenteerde virusinfeksies uit die verlede was pokke – vir eeue lank ’n verwoestende en gevreesde siekte. Die eerste van verskeie gedokumenteerde pokke-epidemies in die Westerse wêreld was in 165 v.C. toe ’n pokke-virus uit Asië die Romeinse Ryk binnegedring en binne 15 jaar 25-35 persent van die ryk se mense uitgewis het.

Van Rensburg sê pokke was in baie opsigte ’n siekte van “eerstes” – byvoorbeeld, die eerste virus waarmee immunisasie verbind word. Die immunisasiebeginsel dateer uit die ou Chinese en Indiese kulture waar materiaal van pokkeletels deur die neus aan gesonde mense toegedien is. Dié metode het as variolasie bekend gestaan en dit het die pokke-sterfte syfer 10-20% verminder en baie mense die skendende gesigsletels, wat eie is aan die siekte, gespaar. Vanolasie het so versprei dat dit reeds in die agtiende eeu in Europa en Amerika gebruik is.

In 1796 was Edward Jenner die eerste wat getoon het dat mense wat met die verwante koeipokke-virus ingeënt word, lewenslank beskerm kon word teen die gevreesde menspokke. Volgens Van Rensburg is dit die eerste voorbeeld van kruisimmunitet – en dit was die begin van die einde van pokke.

Napoleon het geweet hoe rampspoedig dié siekte se gevolge was en het sy soldate in 1805 laat immuniseer – die eerste keer in die geskiedenis dat ’n weermag voorkomend ingeënt is.

Pokke was ook die eerste virus wat in biologiese oorlogvoering gebruik is. Ene kol. Henry Bouquet, ’n bevelvoerder van Pensilvanië in

Amerika, het in 1763 by een van sy kapteins gehoor dat pokke op groot skaal onder die inheemse Indiane uitgebreek en soos ’n veldbrand versprei het nadat twee besmette komberse en ’n sakdoek aan hulle gegee is. Dit het ’n Indiaanse digter tereg laat skryf:

“Can you not live without them? / If you suffer the English among you, / You are dead men. Sickness, smallpox, / And their poison will destroy you entirely.”

Pokke was die eerste virus wat in biologiese oorlogvoering gebruik is

In 1967 het die Wêreld Gesondheidsorganisasie begin om pokke met ’n stelselmatige immunisasieprogram wêreldwyd uit te roei. Elf jaar en 300 miljoen dollar later, het die laaste geval van pokke in Somalië voorgekom – en so was dit die eerste infeksie op aarde wat daardwerklik deur die mens uitgewis is.

Tydbom wat weer kan ontplof


Uit die moderne perspektief is die griep- of influensavirus miskien nie so vreesaanjaend soos pokke nie, maar dit het vir eeue lank dwarsoor die aardbol verwoesting gesaai. Karel die Grote se verowering van Europa is byvoorbeeld tot stilstand gedwing deur ’n griep-pandemie wat in die agste eeu oor die hele Europese vasteland versprei en ook die lewe van talle soldate geëis het.

Voor die verskyning van die HIV/Vigsepidemie, was die griep-pandemie wat in 1918-19 gewoed het, die ergste van die 20ste eeu. Meer as 20 miljoen lewens is uitgewis – baie meer as wat in die Eerste Wêreldoorlog gesterf het. Die pandemie het binne vyf maande om die aardbol versprei. Openbare vergaderplekke in groot stede is gesluit en hospitale is oorweldig deur ontoereikende mediese dienste. Gesonde volwassenes het dikwels binne 24 uur siek geword en gesterf.

Van Rensburg sê die griepvirus word met reg die verkleurmannetjie van mikrobiologie genoem omdat die virus die vermoë het om sy genetiese samestelling gedurig te verander en jaarliks weer mense aan te tas en siek te maak. Dié verandering kan minimaal wees, maar wanneer dit ’n groot verandering is, gee dit aanleiding tot wêreldwye epidemies of pandemies. Bejaardes of mense wie se immunitetstelsel afgetakel is, sterf gewoonlik daarvan.

Die ander groot epidemies van hierdie eeu was die sogenaamde

In 1918-19 het griep meer as 20 miljoen mense uitgewis - baie meer as wat in die Eerste Wêreldoorlog gesterf het



Asiatiese, Hong Kong- en Russiese pandemies wat in 1957, 1968 en 1977 onderskeidelik uitgebreek het. Dié pandemies het al drie hul oorsprong in Suid- en Noord-China gehad – sodat dié land nou as die wêreld se griep-episentrum bekend is.

“Sedert 1977 wag die wêreld in spanning op die verskyning van die volgende ‘nuwe’ griepvirus wat, soos ‘n tydbom, enige oomblik kan ontplof.”

Uit die aap na die mens

Die derde pandemie en die een waarmee ons die nuwe millenium teemoet gaan, is HIV/Vigs.

“Hoewel dit ‘n nuwe infeksie is, is die virus nie nuut nie,” sê Van Rensburg. Sy beskryf dit as uitstekende voorbeeld van sg. virusevolusie. “HIV-virusse het waarskynlik honderd duisende of miljoene jare gelede in soogdiere ontwikkel. Dié virusse het ‘n voorliefde vir die immuunsistelsel se T-selle wat hulle infekteer en vernietig.

“Die menslike HIV-virus is geneties verwant aan die aapvirus (oftewel simiaan- of SIV) wat byna alle nie-menslike ouwêreld primate in Afrika aantast sonder om enige simptome of siekte by hulle te veroorsaak.

“Die vraag wat nou ontstaan is: Wat is die verband tussen SIV en HIV en wat het die HIV-pandemie veroorsaak?” Volgens Van Rensburg lê die antwoord waarskynlik in die reënwoude van Afrika. “In hierdie ekosisteem lewe baie mense semi-nomadies as jagter-versamelaars en deel die habitat met verskeie primaatspesies, met wie hulle om dieselfde voedselbronne meeding. Van dié mense eet al eeue lank ape, bobbejare en sjimpansees. Die eet van rou of halfgaar vleis en byt- of krapmerke van ape wanneer hulle gevang word, is moontlik hoe die virus na die mens oorgedra kon word.

“Tot meer as ‘n eeu gelede was die reënwoude nog ongerep, maar die kolonialisering van Afrika deur Europese moondhede het die prentjie onherroepelik verander. Die woude is geteiken vir houthandel, die inheemse fauna en flora is ontwig en die inboorlinge is na stedelike gebiede verdryf.” Lughawens, paaie en treinspore is gebou, wat nasionale en internasionale reise van sakelui, toeriste, arbeiders en soldate moontlik gemaak het.

“Onder hierdie veranderde sosio-politieke omstandighede kan enige virus

wat sluimerend in afgeleë gemeenskappe voorgekom het, vinnig versprei en epidemiese afmetings aanneem.”

Volgens Van Rensburg het navorsing getoon dat daar by verskeie geleenthede interspesie-oordrag van SIV was. HIV-1 is byvoorbeeld verwant aan die SIV wat in sjimpansees in Wes-Afrikalande soos die Kongo en Kameroen voorkom terwyl HIV-2 waarskynlik afkomstig is van die sg. ‘sooty mangabey’-aapsesies uit Guinee.”

Met die oordrag van die virus na die mens het dit ‘n nuwe gasheer gekry, ‘n nuwe omgewing en nuwe probleme om te oorkom. “HIV wil nie noodwendig doodmaak nie – die virus wil slegs oorleef. HIV besit die besondere vermoë om baie vinnig te muteer en hierdie vinnige evolusie het tot gevolg dat verskeie subtipes ontstaan het.”

Van Rensburg sê die HIV-epidemie wat Afrika en die res van die ontwikkelende wêreld in die gesig staar, is oorweldigend. “Die gemiddelde lewensverwachting in Afrika sal in die volgende dekade met gemiddeld 20 jaar verminder.”

Die vigs-virus is nie nuut nie. Dit het waarskynlik honderd duisende of miljoene jare gelede in soogdiere ontwikkel

Sy is die hoof van ‘n span viroloë, immunoloë, genetiese en mikrobioloë van die Universiteit wat nou probeer om ‘n kostedoeltreffende entstof teen die HIV-virus se Suider-Afrikaanse stam te ontwikkel. Hulle werk is deel van die Suid-Afrikaanse Entstofinisiatiewe onder leiding van prof. Walter Prozesky van die Mediese Navorsingsraad, wat hoop om binne die volgende sewe jaar ‘n entstof teen HIV/Vigs in Suider-Afrika te ontwikkel.

Die ontwikkeling van ‘n entstof is ‘n lang, veeleisende proses wat indringende toetse op proefdiere verg voor dit in mense getoets kan word, sê Van Rensburg. “Met die vinnige verspreiding van die Vigs-epidemie in Suider-Afrika het dit egter gebiedend noodsaaklik geword om ‘n blywende oplossing te vind vir die tragedie van Vigs in ons land en op die subkontinent.” ■

Die stigting van 'n 'Arts Department' aan die Stellenbosch Gimnasium in 1874 was die eintlike begin van die kollege wat later die Universiteit van Stellenbosch geword het. **Cillié de Bruyn** vertel hoe dit gebeur het

EERSTE PROFESSOR 125 JAAR GELEDE AANGESTEL

"...his personality had also the charm of great variety of knowledge and singular sweetness and kindness of manner. He was ardently beloved by his students..."

Op 13 November vanjaar was dit presies een en 'n kwart eeu sedert waarskynlik die belangrikste datum in die Universiteit van Stellenbosch se ontstaansgeskiedenis. Dit was op dié dag in 1874 dat die Stellenbosch Gimnasium se professorale afdeling (die "Arts Department") amptelik goedgekeur is.


Die Sinode van die NG Kerk het in 1857 al op 'n kweekskool vir Stellenbosch besluit, maar die reg voorbehou om die kweekskool te verskuif as dit nodig was. Dit het gelei tot die Kweekskool se opening op 1 November 1859.

In 1858 het die Kaapse regering die "Board of Public Examiners in Literature and Science" se instelling gewettig. Dit kon eerste- en tweedeklassertifikate toeken wat so goed as moontlik met die Universiteit van Londen se MA- en BA-graad moes ooreenstem. In 1863 is 'n derdeklassertifikaat, vergelykbaar met die Londense Matrikulasiesertifikaat, ingestel.

Dié raad, en die Kweekskool se ontstaan, het gelei tot die stigting, in 1866, van 'n Stellenbosse inrigting wat ook vir hoër onderwys moes sorg – die Stellenbosch Gimnasium, wat opleiding tot op die vlak van die tweede- en derdeklassertifikate moes verskaf. Die eerste derdeklassertifikate is in 1870 en die eerste tweedeklassertifikate in 1873 aan Stellenbosch Gimnasium-studente toegeken.

Eksaminerende universiteit

Die eksaminerende Universiteit van Kaap die Goeie Hoop, wat die MA- en BA-graad asook matrikulasiesertifikate kon toeken plaas van genoemde raad se eerste-, tweede- en derdeklassertifikate, is in 1873 gestig.



George Gordon (1835-'82), die eerste professor wat benoem is deur die "Arts Department" waaruit die US later ontwikkel het

Ingevolge die Hoër Onderwyswet van 1874 kon dr Langham Dale, superintendent-generaal van onderwys, vir 'n onderwysinrigting voorwaardes neerlê om staatsgeld vir 'n professorale afdeling te kry. Dale wou aanvanklik hê dat die Stellenbosch Gimnasium slegs opleiding tot op Matrikulasievlak moes onderneem.

Na vele onderhoude en onderhandelinge het hy op 13 November 1874 aan die Stellenbosch Gimnasium-bestuur se sekretaris, ds JH Neethling, geskryf dat hy by die regering sou aanbeveel dat die 1875-staatsbegroting voorsiening maak vir £200 elk vir twee professore, in Klassieke Letterkunde asook Wiskunde en Fisiese Wetenskappe. Die gimnasium moes dit aanvul sodat elkeen £350 per jaar kon verdien. Só is die "Arts Department" amptelik goedgekeur.

By die Universiteit van Kaap die Goeie Hoop se eerste gradeplegtigheid op 12 Desember 1874 het Johannes Abraham Joubert (gebore 1854) die eerste Stellenbosch Gimnasium-student geword wat 'n graad (BA) verwerf. Hy het drie jaar later die MA-graad aan dié universiteit behaal en was met sy dood in 1894 predikant op Jansenville.

Koningin Victoria

Die stigting van die "Arts Department" het later tot die skeiding van hoër en sekondêre onderwys in die Stellenbosch Gimnasium gelei. Die skeiding is in 1881 amptelik bevestig met die erkenning van die naam Stellenbosch Kollege. In 1887 is hierdie naam ter ere van Koningin Victoria na Victoria Kollege verander.

Die drie universiteitswette van 1916 het bepaal dat die Universiteit van Kaap die Goeie Hoop 'n federale universiteit, die Universiteit van Suid-Afrika, sou word en dat die Victoria Kollege tot die Universiteit van

Stellenbosch en die Suid-Afrikaanse Kollege tot die Universiteit van Kaapstad verhef sou word – vanaf 2 April 1918.

George Gordon was die eerste professor wat deur die "Arts Department" benoem is. Hy is op 9 Maart 1835 in Arbroath, Skotland, gebore. In September 1873 het hy onderwyser aan die Stellenbosch Gimnasium geword en is vroeg in 1874 in die NG Kerk op Stellenbosch met ds Robert Shand se dogter, Catherine, getroud.

Hy het in dié jaar 'n pos in Bloemfontein gekry, maar het op Stellenbosch gebly teen 'n hoër salaris en met die belofte van een van die twee professorate wat die gimnasium-bestuur goedgekeur wou kry. Gordon (wat ook 'n regsgeleerde was) is tot professor in Wiskunde en Fisiese Wetenskappe benoem, waarskynlik net nadat die stigting van die "Arts Department" op 13 November 1874 goedgekeur is.

Dood in 1882

Op Woensdag 30 Augustus 1882 is Gordon op Stellenbosch aan blindermontsteking dood nadat hy dié Maandag nog klasgegee het. Hy het sy vrou en drie jong kinders agtergelaat. Hulle vierde kind, Georgina Antoinette, is twee maande na sy dood gebore.

James Mackinnon skryf in sy boek *South African Traits*: "In (Gordon's) favourite study, Mathematics, he had achieved a high standard, but his personality had also the charm of great variety of knowledge and singular sweetness and kindness of manner. He was ardently beloved by his students, who, after his sudden death, erected a hand-

some monument over his grave, with an inscription on it such as few teachers earn." Hy is in die begraafplaas teen Papegaaiberg begrawe.

Die Stellenbosch Gimnasium-bestuur het in Junie 1874 besluit om 'n onderwyser in Klassieke Tale in Skotland te werf. Archibald Macdonald (gebore 1 April 1843) is in hierdie pos aangestel. Hy is op 21 Desember 1874 as professor in Klassieke en Engelse Letterkunde aan die "Arts Department" benoem en het op 1 Januarie 1875 diens as professor aanvaar.

Hy het 'n pos in Bloemfontein gekry, maar op Stellenbosch gebly teen 'n hoër salaris en met die belofte van een van die twee professorate

Macdonald het aan die einde van 1917 afgetree na 'n dienstermyn van 43 jaar as professor, en is op 15 Junie 1930 oorlede. Gedagtig aan van sy eertydse kollegas by die "Arts Department" wat al lank dood was én aan die verganklikheid van aardse glorie, eindig Macdonald sy *Reminiscences* (in *Gedenkboek van het Victoria-Kollege*, 1918) met "sic transit gloria mundi".

■ **Prof Cillié de Bruyn is hoogleraar in wiskunde aan die US en die skrywer van onder meer *Professore*: Universiteit van Stellenbosch en voorgangers, 1989.**

GEDENKWYN EN -PORT AS VERSAMELSTUKKE TO KOOP

Goeie nuus vir wynversamelaars: Daar's beperkte uitgawes beskikbaar van 'n gedenkport (Muratie) en 'n gedenkwyn (Kaapzicht se cabernet sauvignon, 1997-oesjaar).

Die Karnavalkomitee verkoop dié port (waarvan slegs 300 bottels as 'n versamelitem vrygestel word) en wyn om vir Matie Gemeenskapsdiens geld in te samel.

Dit is een van die projekte wat dié komitee – bestaande uit studentevrywilligers – vir 2000 se Karnaval aanpak. Karnavalweek 2000 is gedurende 14-19 Februarie.

Die Muratie port ('n 1997 "late bottled vintage") word verkoop in 'n spesiale houtkissie met die Universiteitswapen daarop afgedruk. Dit kos R150 per bottel.

Die Kaapzicht cabernet sauvignon is vir 12 maande in Franse eikehoutvate verouder. Die wynbottels het 'n spesiale etiket wat vir hierdie projek ontwerp is. Die wyn kos R50 per bottel.

Die Karnavalkomitee-lede het op dié gedenkwyn en -port besluit nadat hulle eers deeglik rondgekyk het vir die geskikste wyn en port asook landgoedere om vir die projek te gebruik.

Dit is 'n eg-Stellenbosse aandenking vir iemand wat vanjaar afstudeer, of as 'n geskenk aan 'n ou Stellenbosse vriend, vriendin of oud-kamermaat – iets baie besonders vir iemand



Kaapzicht se wynmaker, Danie Steytler (naasregs) by Sven Briegel, organiseerder van die Karnaval-wynprojek, Alet Slazus, Karnavalvoorsitter, en Nicolette du Preez, ondervoorsitter.

wat "reeds alles het"! Dit is ook by die Desember-gradeplegtighede verkoop.

Die wyn en port is by die Karnavalkantoor beskikbaar en moet verkieslik daar afgehaal word tensy 'n kis (12 bottels) van die wyn bestel word en spesiale reëlings hiervoor getref word.


Die adres is: Karnavalkantoor, boonste verdieping, Neelsie Studentesentrum, Universiteit, Privatsak X1, Matieland, 7602; tel. 021-808-3632/3; faks 021-883-8936 (Nicolette du Preez of Sven Briegel).

Sybelle Albrecht vertel van die interessante reiservarings wat mediese navorsing vir 'n afgetrede US-dosent ontsluit het



WONDERWÊRELD OP VÊR PAAIE

Van Ysland tot Kavango, die eksotiese Ooste, 'n Afrika-staatsgreep en polisie-traangas op 'n onlusgeteisterde Amerikaanse kampus.



vakansietye, gerugsak, deur Wes-Europa en die Skandinawiese lande geswerf het.

Die eerste eksotiese reiservaring wat navorsing vir hom ontsluit het, was drie onvergeetlike weke onder die middemagson in Ysland. Hy het bakterieë gaan soek in dié land se vulkaniese warmwaterbronne, waar temperature tot hoër as 100°C kan styg.

Kort daarna het hy met die harde werklikhede van 'n Viëtnam-geteisterde Amerika kennis gemaak, as na-doktorale student aan die Universiteit van Berkeley in Kalifornië, waar dit nie vreemd was om snags wakker te word met traangas in sy oë nie en waar klasse bedags ontwig is deur oproerige studenteprotas teen die oorlog. Maar hy het die geleentheid benut om ook dié land te verken vóór hy terug is Pretoria toe, waar hy hom as mediese student ingeskryf het.

Na sy studies het Joubert intensief betrokke geraak by navorsing in die Kavango en Caprivi waar hy in samewerking met die SA Weermag betrokke was by 'n aantal navorsingsprojekte oor die siekteprofiel van die gebied se inwoners.

Hy het onder meer sy MD-graad voltooi oor *campylobacter* – bakterieë wat diarree veroorsaak – en navorsing gedoen oor die bakteriologiese afbraak van heparien ('n antistolmiddel) deur bakterieë, asook die hoë voorkoms van 'terugvalkoors', oftewel Berrelliose, wat deur hepatitis B sowel as bosluise oorgedra word.

Siektes wat Boesmans bedreig

In dié jare het hy 'n blywende belangstelling ontwikkel in die Boesmans, hul kultuur en die siektes wat hul tentatiewe voortbestaan bedreig. Hy het dié studies in Suid-Afrika voortgesit nadat die Boesmans hierheen gevlug het en hy het onder meer 'n nuwe parasiet – *strongyloides fuelleborni* – by hulle ontdek.

Joubert se "Afrika-ondervindings" sluit reise

Wie sê 'n mediese navorser se lewe is so droog soos die gebeente van 'n laboratoriumskelet?

Gesels 'n mens met prof Johan Joubert – wat tot in Julie vanjaar hoof was van Mikrobiologie aan die US se Fakulteit Geneeskunde – klink navorsing inderwaarheid soos Alice se "towerspieël" – die sleutel tot 'n "Wonderland" van "feëskels" in die woestyn; bakterieë wat in Ysland se oeroue vulkaniese warmwaterbronne onder 'n middemagson gedy; motte wat die trane uit jou oë suig; en erkentlike studente wat hul leermeesters se hande met blombeskrinkelde water baai.

Sedert Joubert in die 1950's 'n BSc-graad aan die Universiteit van Pretoria voltooi het, het die wetenskap hom op ver paaie vergesel. Hy het aanvanklik klas gegee aan die Universiteit van Natal en sy eerste ervaring van die vreemde was as doktrale student aan die Universiteit van Gent in België, toe hy in

in na lande soos Uganda, Zaïre Egipte en Madagaskar – waar hy vir 'n week lank in 'n staatsgreep vasgevang was.

In 1988 het hy die geleentheid gekry om een van die groot belangstellings uit sy kleintyd op te volg toe vir die eerste keer na die Ooste kon reis. Sedertdien het hy jaar na jaar, tussen kongresse en navorsingsbesoeke deur, lande soos China, Japan, Tibet, Taiwan, die Phillipyne, Singapoer, Malsië, Thailand, Laos, Kambodja en Viëtnam plat gery.

In 1994 was hy vir nege maande lank besoekende professor aan die Mahidol-universiteit in Bangkok, Thailand, en hy het as gasprofessor, mediese skole besoek in plekke soos Hanoi in Viëtnam, Phnom Penh in Kambodja en Saigon in Suid-Viëtnam.

Kort daarna, tydens 'n kongres in China, het die Chinese Akademie vir die Wetenskappe, hom genooi om vir twee weke lank deur die land te reis. Dit was 'n wonderlike ervaring, vertel prof Joubert, veral omdat hy saam met 'n span Chinese wetenskaplike die plante aan die voorheuwels van die Himalayas kon bestudeer.

Hy was sedertdien nog drie keer terug na China, onder meer om in Beijing lesings aan die Chinese Akademie vir die Wetenskappe te gee oor die plantegroei in Suid-Afrika. Met sy laaste besoek aan China, het navorsers van dié akademie hom op 'n kort ekspedisie geneem na 'n plek met die naam van Xishangbanna, waar die span veldwerk gedoen het in die tropiese woude.

Saam met Switserse navorser

Joubert het fassinerende navorsing in die Ooste gedoen, onder meer op parasiete, bloedsuiermotte en motte wat die trane in mense se oë opsuig. Hy doen die werk saam met 'n Switserse navorser wat dit sy lewens-taak gemaak het om dié motte te bestudeer.

Tussendeur was daar twee besoeke aan Kambodja – onder meer as lid van 'n internasionale afvaardiging wat moes verslag doen oor die land se mediese skole, 'n besoek aan Burma, 'n reis deur Tibet en 'n toer deur Laos.

Die Ooste fassineer hom, sê Joubert – veral die rykdom van Oosterse kultuur. "Dit is 'n oeroue kultuur, met pottebakkerswerk wat

terug dateer tot 2000 jaar voor Christus. Hierdie mense het al boeke oor filosofie geskryf lank voor die ontwikkeling van 'n beskawing in Europa.

Bakterieë wat in Ysland se oeroue vulkaniese warmwaterbronne onder 'n middernagson gedy; motte wat die trane uit jou oë suig; en erkentlike studente wat hul leermeesters se hande met blombesprinkelde water baai

"Hulle het gebruike en rituele wat oor eeue strek. So word afgetrede professore aan die Mahidol-universiteit byvoorbeeld een keer per jaar genooi na 'n seremonie waar jonger akademici en studente water uit blombesprinkelde bakke skep en oor die professore se hande gooi as 'n erkentlike gebaar vir hul groter wysheid.


"Op mediese vlak, kan ons ontsettend baie leer van 'n land soos Thailand, veral op die gebied van primêre gesondheidsorg waar hul mediese kennis en vernuf vir ons van onskatbare waarde kan wees."

Groen landskappe, oranje tempels

Dit is egter die groen landskappe en die oranje tempels van Thailand wat Joubert altyd sal bybly en wat sy jaarlange verblyf in dié land in sy geheue gevestig het as een van die besles van sy lewe.

Nou, ná sy aftrede, hoop hy om sy passie vir die Ooste lewendig te hou met gereelde reise. Hy gaan ook voort om 'n aantal projekte af te handel, onder meer 'n publikasie oor die sogenaamde "feëskirke" van die Namib. Dié sirkels of kaal kolle, waar niks groei nie, kom aan die rand van die woestyn voor en prof Joubert is besig met 'n indringende studie om vas te stel wat dit veroorsaak.

Hy wil ook graag teruggaan na Ysland en ook na Groenland om iets van die betowering van sy eerste besoek aan dié gebied te herleef. 



Prof Johan Joubert op reis in die vreemde. Hooffoto: Tee saam met die hoofmonnik van Katmandu. Dié monnik is ook professor in Geskiedenis. 1. In Lhasa, die hoofstad van Tibet, voor die Potala-paleis. 2. Oorweldig deur lemur-apies in die suide van Madagaskar. 3. Voor die 'Hemelse Paleis' in Beijing, China. 4. In die berge buite Lhasa in Tibet. 5. op die berugte Tianamenplein in Beijing, hoofstad van China. 6. Die taxi waarmee hy in Lhasa rondgery het. 7. Buite die verbode stad in Beijing, voor die paleis waar die Chinese keiser eens met 'n hof van 600 gewoon het. 8. As gas van 'n Tibetaanse gesin waar hy bedien word met 'n dis van geroosterde gars.

Pedro Crous is internationally renowned for his research in phytopathology, dealing with the systematics and molecular characterisation of various plant pathogenic fungi causing diseases in crops such as wheat, barley, citrus, proteas, forestry and grapevines

WORLD'S HIGHEST HONOUR TO A FUNGUS EXPERT


"...part of a very small cadre of South Africa's best biologists. Stellenbosch University can feel most proud to have him as a staff member."

Prof Pedro Crous, chairman of the Department of Plant Pathology, has become the first recipient outside North America of the prestigious Alexopoulos Award from the Mycological Society of America (MSA).

The award, named after Constantine Alexopoulos, a famous American mycologist, is made annually to an outstanding "young" mycologist based on evaluation of his or her research – someone who received a PhD seven to ten years previously. It consists of a plaque and a cash amount derived from the annual interest of the MSA Alexopoulos Fund.

Crous is the 20th recipient of the award. It was officially handed over to him earlier this year during the 16th International Botanical Congress in St Louis, Missouri.

Pedro Crous is internationally renowned for his research in phytopathology, dealing with the systematics and molecular characterisation of various plant pathogenic fungi causing diseases in crops such as wheat, barley, citrus, proteas, forestry and grapevines. He also received the



Pedro Crous, with the coveted award. "...in science we as South Africans can still compete with some of the largest and best laboratories in the world."

President's Award from the SA Foundation for Research Development – now known as the National Research Foundation – in 1994.

This is the highest honour any mycologist could wish for, says Crous. "The fact that the award was made to a person outside North America for the first time, and to a South African in particular, is a great honour for the University and our country. It also goes to prove that in science we as South Africans can still compete with some of the largest and best laboratories in the world."

In a letter to Prof Andreas van Wyk, Rector and Vice-Chancellor, Prof Michael J Wingfield, Mondri Professor of Forest Pathology at Pretoria University, writes: "Pedro Crous forms part of a very small cadre of South Africa's best biologists. Stellenbosch University can feel most proud to have him as a staff member."

"I know that you recognise him as one of your top performers and hope that this very significant award will provide you with ample motivation to encourage him further. He is certainly worthy of an unusual level of support." N

Grondkenner lei Landbouwetenskappe



Landbouwetenskappe se nuwe dekaan, Leopoldt Van Huyssteen.

Landbouwetenskappe se nuwe dekaan, in die plek van prof Martin Hattingh wat afgetree het, is prof Leopoldt van Huyssteen. Hy is sedert Januarie vanjaar by die US, as voorsitter van die Departement Grond- en Landbouwaterkunde.

Van Huyssteen was gedurende 1973-1992 in diens van die Departement van Landbou-ontwikkeling aan die Navorsingsinstituut vir Wingerdbou en Wynkunde (Nietvoorbij) op Stellenbosch. Tot einde verlede jaar was hy by die Landbounavorsingsraad (LNR), 'n statutêre wetenskapsraad by dié instituut, waar hy direkteur van die LNR se Instituut vir Vrugte, Wingerd en Wyn was.

Van Huyssteen het op Joubertina gematrikuleer en al sy akademiese kwalifikasies, ook 'n doktorsgraad in Landbouwetens-

skappe, aan die US verwerf. Hy het HonsBScAgric en MScAgric met lof behaal.

In 1989 was hy die Weskaapse Landboukundige van die Jaar. Gondbestuurspraktyke wat hy ontwikkel het, word regdeur die sitrusbedryf – én in verskeie ander bedrywe – in Suid-Afrika toegepas. Hy is gereed na die buiteland genooi om referate voor te dra – onder meer in die VSA, Frankryk en Australië. In Bulgarye, Hongarye en Roemenië het hy tafeldruifteelprogramme ondersoek en samewerkingsooreenkomste vir die uitruil van plantmateriaal bewerkstellig.

Van Huyssteen het reeds wyd gepubliseer, is lid van verskeie professionele verenigings en dien in etlike rade en komitees. N

"Dit maak van die studente aktiewe eerder as passiewe deelnemers en leerders"

HUMANIORA KRY ELEKTRONIESE MULTIMEDIA-SENTRUM

Hulle "moet vertrouwd raak met die tegnologie, uitdagings en werklikheid van ons tyd sodat hulle die huidige SA samelewing kan hanteer."

Humarga, die eerste geïntegreerde elektroniese multimedia-sentrum vir die humaniora, bied 'n uitmuntende diens aan studente en dosente in die Lettere en Wysbegeerte, Opvoedkunde, Regsgeleerdheid en Teologie.

Prof Justus Roux, voorsitter van die Humarga-bestuurskomitee, bestempel dit as 'n ideaal van baie jare wat uiteindelik bereik is. "Die beperkings en verouderings van toerusting in lokale soos die RGO (rekenaargesteunde onderig) en die taallaboratorium weens die druk besetting en die ontwikkeling van die tegnologie, het Humarga se geriewe en dienste noodsaaklik gemaak."

Die dekaan van Lettere en Wysbegeerte se dekaan, prof Izak van der Merwe, meen studente in die geesteswetenskappe "moet vertrouwd raak met die tegnologie, uitdagings en werklikheid van ons tyd sodat hulle die huidige Suid-Afrikaanse samelewing kan hanteer."

Prof Walter Claassen, viserektor (akademies), het die mense wat die projek gesteun en gedryf het, lof toegeswaai. Roux was die "reus" wat dit gedryf het. Die gewese



Marian de Wet, hoof van RGO-ontwikkeling (voor) by Humarga se bestuurder, Jan Louw, asook proff Izak van der Merwe en Justus Roux, Lettere en Wysbegeerte se dekaan en sekondusdekaan. Humarga bedien nog drie fakulteite, Opvoedkunde, Regsgeleerdheid en Teologie.

viserektor (bedryf), prof Christo Viljoen en die huidige een, prof Rolf Stumpf, asook die dekan van die betrokke fakulteite, het die projek "op die wenpad geplaas," het Claassen gesê.

Marian de Wet, hoof: RGO-ontwikkeling meen Humarga maak van die studente aktiewe eerder as passiewe deelnemers en leerders.

Dit bestaan uit 'n algemene rekenaargebruikersarea (RGA) wat selfs deurnag beskikbaar is. Daar is 216 rekenaars met drukkers en 'n skandeerder asook vier elektroniese klaskamers (multimedia-laboratoria); 'n rekenaarselfstudie laboratorium met 12 rekenaars; 'n TOTO-laboratorium (multimedia opleidingslaboratorium vir tegnologie-ondersteunde taalonderig); 'n video-opneem- en -terugspeellokaal vir 30 studente; nog twee videoterugspeellokale vir altesaam 32 studente; 'n oudioselfstudielokaal met 16 werkstasies; 'n klankopname-ateljee; en RGO-ondersteuningsdiens.

Een van die personeellede, Connie Park, skakel studiemateriaal in braille om. Internet en e-pos is ook beskikbaar. 

Kaapsgebore Oudmatie uit Gauteng maak geskiedenis:

'SIVVY' WORD SALDANHA SE DEKAAN

Die Fakulteit Krygskunde op Saldanha se nuwe dekaan is die eerste nie-militêr in dié pos. Die fakulteite bestaan sedert 1955.

Prof Johan Malan is 'n Kaapsgebore en -getoë Oudmatie wat tot onlangs dekaan van die Potchefstroomse Universiteit se Vaaldriehoekskampus was. Hy volg Krygskunde se vorige dekaan, prof Chris Nelson wat afgetree het, op.

Malan het in Bellville gematrikuleer, is 'n oudinwoner van die Matiekoshuis Eendrag, het in 1972 BA (Sielkunde en Filosofie) en daarna 'n honneursgraad in sielkunde aan die US behaal.

Nadat hy onderwyser-sielkundige van Porterskool, 'n verbeteringskool vir seuns, was was hy gedurende 1977-'78 waarnemende onderhoof by die Faure verbeteringskool vir meisies. Malan



Johan Malan: eerste nie-militêr as dekaan by Krygskunde.

was daarna dosent by die Universiteit van Wes-Kaapland en het MA (Sielkunde) met lof asook 'n doktorsgraad in sielkunde (1989) behaal.

Vanaf 1989 was hy verbonde aan die Potchefstroomse Universiteit waar hy as 'n senior lektor by die Vaaldriehoekskampus begin het, in 1992 medeprofessor geword het, sedert 1995 ook hoof van die fakulteite lettere en wysbegeerte was en in 1998 as dekaan van die Vaaldriehoekskampus aangestel is.

Hy het 'n indrukwekkende lys publikasies en artikels in subsidiebydraende tydskrifte, en 'n aantal bydraes tot binelandse en buitelandse kongresse gelewer. 

Die besonders goeie akoestiek en suksesvolle ontwerp, asook die musiekuitvoerings wat sodoende moontlik gemaak word, sorg dat die Konservatorium sy rol in die samelewing vervul

KONSERVATORIUM SE GEBOU WORD MONDIG



'n Gas by die gebou se mondigwording, **Yvonne Richter** van Kaapstad, dogter van prof Hans Endler, voor die saal wat na hom vernoem is en by 'n foto van dié medestigter van die Konservatorium.

Die Konservatoriumgebou is mondig. Suid-Afrika se modernste gebou vir musiekopleiding – ingewy in 1978 – huisves die oudste konservatorium, wat in 2005 sy eeufes vier.

Met sy lang, indrukwekkende geskiedenis én moderne gebouekompleks is die "Conserve" 'n tradisieryke instelling wat hom terselfdertyd na die hedendaagse eise skik.

Vyf private musiekonderwysers het die Suid-Afrikaanse Konservatorium vir Musiek in 1905 op Stellenbosch gestig, nadat twee wynboere geld hiervoor geleen het. In 1906 het dit begin funksioneer, naas die Victoria Kollege wat in 1918 die Universiteit van Stellenbosch geword het.

Die Universiteit het die die Konservatorium in 1935 as Departement Musiek in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte oorgeneem.

Met sy lang, indrukwekkende geskiedenis én moderne gebouekompleks is die "Conserve" 'n tradisieryke instelling wat hom terselfdertyd na die hedendaagse eise skik

In die sestigerjare het prof Richard Behrens, wat toe hoof van musiek en direkteur van die Konservatorium was, aan rektor HB Thom verhoë vir 'n nuwe, groter Konservatoriumgebou begin rig. Nadat prof Jannie de Villiers in 1970 rektor geword het, het die US die argitekthe Colyn en Meiring genader om 'n ontwerp voor te lê. Mnr Gilbert Colyn, wat 'n studie van Wes-Duitse musiekskole gemaak het, se ontwerp is aanvaar.

Daar is vier sones: oefen- en onderrigvleuels, 'n oefensaal en administratiewe vleuel, 'n biblioteek, en 'n auditorium (konsertsaal).

Die gebou is ontwerp vir 'n groot bydrae tot die Stellenbosse kultuurlewe. Die besonders goeie akoestiek en suksesvolle ontwerp, asook die musiekuitvoerings wat sodoende moontlik gemaak word, sorg dat die Konservatorium sy rol in die samelewing vervul.

Destyds se oprigtingskoste (sowat R4,5 miljoen) is met nog R1 miljoen vir instrumente en toerusting aangevul. In Mei 1978 is die nuwe gebou ingewy.

'n Konsertonel is daarna spesiaal vir die Endlersaal deur 'n voorste orrelboufirma, Marcussen, in Denemarke gebou en vroeg in 1980 ingewy. Dit het 44 registers met sowat 3 200 pype, drie manuele en 'n pedaal. Die saal se besondere akoestiek laat dié instrument uitstekend tot sy reg kom.

Personeel

Prof Hans Roosenschoon is sedert vroeg verlede jaar die hoof: musiek asook Konservatorium-direkteur. Hy is onder meer as komponis in Suid-Afrika bekend – met 70 werke (20 vir simfonie-orkester) sedert 1972 uit sy pen. Van sy werke is al in Amerika, Brittanje asook Oos- en Wes-Europa uitgevoer.

Sedert sy aanstelling is die personeel opset uitgebrei en hergestruktureer. Nuwe akademië is prof Nina Schumann (medeprofessor en hoof van die klavierafdeling) en Albert Engel (dosent van koperblaasinstrumente).

Schumann het 'n baie vol onderwysprogram by die US én Universiteit van

Noord-Texas. Op Stellenbosch is haar meesterklasse uiters gesog en sy is 'n pianis en dosent van wêreldformaat. Sy het onlangs 'n baie geslaagde fondsinsamelings-uitvoering in die Endlersaal aangebied vir 'n studie-trustfonds vir belowende klavierstudente.

Engel dirigeer die KONSU-Brass, 'n nuwe ensemble wat vanjaar gestig is.

Daar is nou 23 heel- en 20 deeltydse dosente. Onlangse nie-akademiese aanstellings sluit onder meer in Marlene Baadjies (skakel-beampte), Philippa Kotzé (hoof: konserte, koor en orkeste, en sy bestuur die US Koor, US Simfonie Orkes, Konservatorium Orkes en US Simfoniese Blaasensemble) asook Nicky Fransman (fasiliteitsbeampte).

Dosente-prestasies:

- Die première van *Buchuland*, prof Roelof Temmingh se tweede opera, verlede jaar in die Staatsteater, Pretoria, is goed ontvang.
- By die *Musik und Jugend*-fees, in Augustus 1998 in Wenen, Oostenryk, behaal die US Simfonieorkes (dirigent: prof Eric Rycroft) die tweede plek.
- Die US-Koor o.l.v. Sonja vd Walt behaal vanjaar die tweede plek in



Eric Rycroft, dirigent, US Simfonieorkes, en pianis Nina Schumann het by die mondigwording opgetree.

die gemengde koorafdeling van die Llangollen Internasionale Eisteddfod in Wallis.

■ Orreldosent Niel Pauw laat 24 koraalverwerkings publiseer én bring 'n CD uit.

■ Dr Ria Smit is ondervoorsitter van die nuwe "SA Music Education Forum."

■ Bariton André Howard se onlangse vertolking van *Lescaut* in die Massenet-opera *Manon*, in die Staatsteater, lok gunstige kritiek uit.

■ Ouddosent Boudewijn Scholten vertolk werke op die Marcussen-orrel vir 'n CD uitgegee deur EMI.

Nuwe program

Vanaf 2000 bied die Departement Musiek 'n nuwe omvattende musiekprogram aan wat talle aspekte van die Suider-Afrikaanse werklikheid aanspreek. Musieksertifikate is vanjaar al ingestel, die Inleidende Program in Musiek én die BMus Basisprogram wat albei veral gemeenskapsdiens beklemtoon. ■

Unisa vereer Behrens

Die Universiteit van Suid-Afrika (Unisa) het 'n erelicensiaat aan prof Richard Behrens, afgetrede hoof van Musiek en direkteur van die US Konservatorium toegeken.

Behrens was tot 1988 veertig jaar as dosent aan die Konservatorium verbonde – die laaste 27 jaar daarvan as direkteur. Hy het 'n belangrike rol vervul in die beplanning en oprigting van die moderne Konservatorium-gebou wat vanjaar sy 21e verjaardag gevier het.

Na sy aftrede was Behrens tot 1992 as raad vir kultuur aan die SA ambassade in Wenen, Oostenryk, verbonde, waar hy ook vir Switserland verantwoordelik was en terselfder tyd SA kulturbetrekkinge met Hongarye en die destydse Tsjeggo-Slowakye verstewig het.

Sedertdien woon hy weer op Stellenbosch, en was onder meer in 1996-'97 uitvoerende direkteur van die Kaapstadse Simfonieorkes, waar hy betrokke was by dié orkes se eenwording met die Kaapse Filharmoniese Orkes om 'n enkele, nuwe orkes te vorm.

Behrens is 'n oudstudent van die US Konservatorium en het ook in Frankfurt/Main, Duitsland, gestudeer. Die Kaapse Drie-eue Stigting het hom twee keer (1979, '87) vereer vir sy buitengewone bydrae tot musiekbevordering. Hy het gedien in 'n aantal kunssterade en -komitees, onder meer Unisa se komitee vir musieksamens, Kruik se musiekkomitee, die SA Akademie en die

Nasionale Adviesraad vir die Uitvoerende Kunste. Hy tree steeds op as beoordelaar in belangrike musiekkompetes.

Unisa se rektor en visekanselier, prof Antony Melck, het die erelicensiaat aan Behrens oorhandig tydens die Unisa SA Musiekbeurse

galakonsert wat in die Endlersaal op Stellenbosch gehou is.

Unisa het enkele jare gelede ook 'n erelicensiaat toegeken aan prof George van der Spuy, wat Behrens se voorganger as direkteur van die Konservatorium was. ■



Vier mense wat ten nouste met die Konservatoriumgebou se totstandkoming te make gehad het, het met die mondigwording praatjies aangebied: argitek Gilbert Colyn (links), kunstenaar Larry Scully wat die reuse-muurpaneel in die foyer geskilder het, Richard Behrens wat as destydse direkteur 'n belangrike aandeel aan die gebou se beplanning en oprigting gehad het, en Boudewijn Scholten, wat as orreldosent betrokke was by die konsertorrel uit Denemarke wat in die Endlersaal ingebou is.

Matieland het met leedwese verneem dat die volgende Oudmaties en US-personeellede onlangs oorlede is:

Mnr JH (Jannie) Blignaut (71) van die Strand; BEd (1949); afgetrede adjunkhoof, Laerskool Lochnerhof, Strand, waaraan hy 30 jaar verbonde was.

Mev WLWH (Bealie) Bradshaw (25) van Worcester, voorheen Vishoek; DSBO 1995; onderwyseres by De la Bat Skool vir Dowes.

Mnr Peter K Bredell (68) van Wingate-park, Pretoria; het in 1951 saam met sy broers, Johan en Niel, vir Maties-eerstespan rugby gespeel; later by Wits as ingenieur afgestudeer, o.m. kollege- en universiteitsdosent in Pretoria.

Mev Isabella Bosman (geb. Fourie, 75) van Gordonsbaai; onderwysertifikaat in drama, 1972; 'n bekende Kaapse radio- en TV-aktrise.

Mev AL Burger (geb. Geldenhuys, 40) van Panorama, Parow; BPrimEd 1980.

Mnr Charles Peter Celliers (53); BSc BIng 1969; en sy seun en naamgenoot, oud-Wilgenhoffer, **CP Celliers jr** (23); BComm 1997; albei van Ermelo; saam dood in 'n vliegongeluk in Mei vanjaar.

Mnr SA de Beer (75) van Patensie, Ooskaap; BComm, 1946.

Mnr DH (Daan/"Soete") Deetlefs (89) van Hermanus; oudinwoner van Dagbreek; werk van 1948-'75 (aftrede) by US Administrasie.

Mev AS (Annatjie) de Wet (geb. Loots, 50) van Touwsrivier waar sy vermoor is; POS (Spes) in Drama 1970; vrou van Oudmatie Frans de Wet, motorhawe-eienaar wat in die sewentigerjare aan die destydse Departement Ontwikkeling, US, verbonde was.

Ds HC de Wet (79) van Hermanus waar hy NG leraar was; voorheen ook in destydse Rhodesië asook Redelinghuys, Epping en Kimberley.

Mnr AW (Attie) Dill van Pretoria; BSc, SOD 1941, '42; afgetrede hoofdirekteur, destydse Onderwys en Opleiding; medeskrywer van wiskunde-handboeke.

Mev Susanna de W du Plessis (geb. Olivier, 83) van Tarkastad, Ooskaap; oudstudent, Konservatorium; kapteine, Maties-vrouehokkiespan; oudonderwyseres wat as operasopraan opgetree het.

Dr Jan R du Raan (29) van Panorama, Parow; MB,ChB 1996; oudinwoner, Helshoogte; het anderhalfjaar in Britse hospitale gewerk; een van die 19 slagoffers van 'n avontuur-sport-tragedie in Switserse Alpe.

Dr F Daniel du Toit (72) van Bellville; MMed 1966; 'n chirurg; o.m. verbonde aan Karl Bremer- en Tygerberg-hospitaal en ook 'n

geneeskundedosent, US.

Dr TN (Tom) du Toit (76) van Somerset-Wes; B-, MA, doktorsgraad in teologie 1943, '46, '56; NG leraar Bethlehem, Koringberg en Florida asook Presbiteriaanse leraar, Afrikaanse gemeente, Parkview, Johannesburg.

Mnr Tom Engela (67) van die Paarl; BA 1960; oudhoof, Paarse Hoër Jongensskool; voorheen o.m. onderwyser, Port Elizabeth en Stellenbosch; lank betrokke by provinsiale skolerugby.

Mev Coreen Fourie (36) van Mosselbaai, historikus, Dias Kultuurmuseum; BA, Hons 1984-'85.

Dr BP (Barry) Geldenhuys (72) van Pretoria; DPhil 1961.

Mnr. J.S. (Fanie) Goosen (88) van George; B Com, SOD, 1930-'33; oudinwoner van McDonaldhuis (waar Wilcocksgebou nou is) en Dagbreek; onderwyser, Zastron, Aliwal-Noord, en 20 jaar op Kirkwood waar hy ook geboer het. Na 'n "aflospos" vir vyf jaar op Philippolis werk hy tot hy 82 was by 'n ouditeursfirma op George.

Mev SJW (Susan) Hanekom (geb. Du Plessis, 70) van Worcester, BA, Hons 1948, '79; oud-Harmoniet; kollegedosent in maatskaplike werk; saal by Nuwerus-tehuis op Worcester is na haar vernoem.

Prof MA (Mike) Hough (80) van Montagu; BA 1941; oud-Wilgenhoffer; ook in VSA gestudeer; dosent in maatskaplike werk in Johannesburg, Lusaka en Universiteit van Fort Hare.

Mnr CE (Cliff) Kannenberg (80) van Worcester, BA, LLB 1938, '40; prokureur vir 30 jaar op Robertson; het lank in Kaapse raad van die Wetsgenootskap gedien.

Mev Elise Koen (geb. Lutz, 75) van Groot-Brakrivier, voorheen Prieska; BA in Maatsk. Werk 1945; het in Bloemfontein, Port Elizabeth, Kimberley en Prieska gewerk; vrou van afgetrede hoofinspekteur van onderwys en kleindogter van legendariese Japie Lutz van Upington.

Mnr SF le Roux (82) van Piketberg; BA, SOD 1936, '37; reeds in 1998 oorlede.

Mnr Jasper Lochner (49) van Mortimer, Ooskaap; B in Landboubestuur 1975.

Mnr Ernie Lötter (73) van Durbanville; BSc Ing 1949; vir 35 jaar aan SA Vervoerdienste verbonde, o.m. in Bloemfontein en Johannesburg.

Mnr MMM Loubser (81) van die Strand; B-, MA, SOD 1937-'39; oud-Dagbreker.

Mev JA Maddison (geb. Kruger, 78) van Kuilsrivier; Dipl. in Spraak en Voordrag HPOD 1940, '41; oudinwoner van Huis ten Bosch.

Mnr Tielman F Malherbe (86) van die Strand; BSc, SOD, MSc 1932, '33, '36; oud-Dagbreker; onderwyser en skoolhoof, Calitzdorp en Douglas; medeskrywer van skoolhandboeke; skoonpa van prof Danie du Toit van Teologie, US.

Mev Louie Nesor (geb. Kritzinger, 68) van Kleinmond, voorheen Cramerview, Johannesburg; sertifikaat en diplomas in spraak en voordrag, 1949-'50.

Mnr JS (Jannie) Odendal (81) van Bonnievale; BSc in Landb. 1938; oud-Dagbreker; bekende in die wynbedryf; oudburgemeester; o.m. kelderbestuurder en wynmaker; is deur die KWW vereer vir besondere bydrae tot wynbedryf.

Mnr Arniel Oosthuizen (25) van Kraaifontein; BIng 1994.

Mnr Tielman J Roos (59) van Lichtenburg; B-, MSc in Landb. 1961, '64; oudinwoner van Dagbreek en Huis Marais; verbonde aan Landbou Tegniese Dienste asook Sensako; het indrukwekkende reeks sonneblomvarieteite vrygestel; getroud met Oudmatie Christa (Rossouw).

Mnr DF (Dan) Sapsford (79) van Gounitzmond; oudonderwyser, Kuilsrivier; BComm 1942; inwoner van destydse Bergville-koshuis.

Mev Rita Scheffler (geb. Steyn, 86) van Stellenbosch; BComm (slegs tweede vrou by US wat dié kursus volg), SOD 1933, '34; op Stellenbosch skoolgehou, by Fakulteit Opvoedkunde in biblioteek gewerk; vrou van eertydse US-fisikadosent dr Theo Scheffler; was saam met haar man vir jare betrokke by die Berg- en Toerklub.

Mnr Francois G Smit (91) van Pretoria; HPOD 1928; o.m. skole-inspekteur in Natal, later dosent by Universiteit van Durban-Westville.

Ds GPE Stassen (64) van Nelspruit; BTh, Lis. in Teol., MTh 1980, '81, '82.

Mnr PG (Piet) Steyn (78) van Centurion, Gauteng; BComm 1942; oud-Dagbreker; was lank tot sy aftrede aan Departement Sensus en Statistiek verbonde.

Mnr HC Taylor (74) van Simonstad; BSc in Bosb. 1946.

Ds. Cornelis van der Merwe (86) van Springs; MA; senter, Matie-rugbyspan na Kenia en destydse 'Tanyanjika, 1934, met Danie Craven

Weet u van 'n Oudmatie wat onlangs oorlede is? Stuur asseblief kort besonderhede (die oorledene se voorletters, noemnaam en van, ouderdom, geboortedatum, studentenommer, kursusse, studiejare, loopbaan, ens. soos op dié bladsye) aan die adresse of faksnommer op bl. 1.

as kaptein; NG leraar, Maitland, Leonard en Aroab (Namibië), Loxton, De Aar en Ugie; bekend as "vlieënde dominee" (1950-1966).

Mnr JP van der Merwe (91) van George; BSc in Landb. 1931; oud-Wilgenhoffer; deur sy toedoen was Ficksburg, Vrystaat, in 1948 eerste grondbewaringsdistrik in SA; afgetree (1973) as direkteur van Grondbewaring.

Mnr OW (Oekie) van der Westhuysen (54) van Honeydew, Gauteng; BComm, Hons BComm, Hons, BB en A 1966, '68, '69; oud-Dagbreker; verbonde aan Federale Volksbeleggings, Siltek en Computer Configurations.

Mnr JC (Johan) van Deventer (61) van Pretoria; BSc, BIng (elektronies), 1962; SAUK se installasie-ingenieur van sewe FM-senders; later beplanningsingenieur, SAUK, Johannesburg; vanaf 1966 by Yskor, Pretoria, deel van span wat eerste SA rekenaar ontwerp en bou; in 1968 medestigter van SATI wat rekenaars vir Yskor en ander firmas maak, waarvan Van Deventer sommige selfs in Amerika, Kanada en Duitsland geïnstalleer het. Dié rekenaars is gebruik om spektrometers te outomatiseer in die analise van staal-, aluminium-, goud- en oliemonsters, wat die analise van 'n monster verkort het van 40 minute en langer vir vyf elemente, na slegs drie minute vir 36 elemente. Ná Siemens van Duitsland se oornam in 1974 is hy gekies om in dié land te studeer; later hoof van prosesrekenaarafdeling; aftrebelangstelling was genealogie; het vir Van Deventer-familiebond navorsing gedoen wat gepubliseer is; dié belangstelling lei tot navorsingsgesprekke met US-genetikadoseer dr Louise Warnich (berig, *Matieland* 3:1998).


Dr PJ (Piet) Venter (74) van Stellenbosch; B-, M-, DSc in Landb. 1946, '55, '58; ook in Duitsland gestudeer; verbonde aan KWV, Nietvoorbij op Stellenbosch en Distillers Korporasie waar hy groot rol in totstandkoming van Die Bergkelder vervul het.

Mnr LM (Lin) Watt (76) van Kemptonpark; BSc Bosb. 1949; oud-Helderberger; een van dié koshuis se eerste inwoners; een van oudsoldate wat ná Tweede Wêreldoorlog aan die US studeer; verbonde aan Rand Mines se bosbouafdeling; afgetrede hoof uitvoerende beampte, Lotzaba Forests.

Mev PJ (Petra) Wessels (geb. Du Toit, 60) van Faerie Glen Pretoria; sert. in spraak en voordrag HPOD 1958; oud-Lydianer; in Vrystaat skoolgehou; skakelwerk vir Sasol gedoen en boek oor dié maatskappy geskryf.



◀ **Prof PJ (Piet) Cillié** (82) van Kaapstad; BSc met lof, 1935; langer as 23 jaar hoofredakteur van *Die Burger*; voorsitter, Naspers; vanaf 1977 stigterhoof van Departement Joernalistiek, US; dien in verskeie regeringsendings in die buiteland; getuig (1965) in Wêreldhofspraak oor destydse Suidwes-Afrika; ontvang eredoktorsgraad van die US in Afrikaanse Taaljaar, 1975; onder meer ook vereer met Orde vir Voortreflike Diens; seun van Stellenbosse opvoedkundige prof GG Cillié sr. wat eerste rektor was nadat Victoria Kollege (1918) Universiteit van Stellenbosch geword het.



Dr Timo Smuts (55) wat in beheer was van afdeling skone kunste, Departement Beeldende Kunste; aan hartaanval dood; BA (Kuns), SOD, DPhil 1995 (US); MA met lof (UK); studeer met RGN-merietebeurs in België; ook hoof van die Hugo Naudé kunssentrum, Worcester en by Paarl Kunssentrum; aan baie tentoonstellings deelgeneem; hom beywer vir ontwikkeling van kontemporêre kuns; kranige sportman (Maties eerstespan rugby).



◀ **Prof RL Straszacker** (89) van Pretoria; ouddekaan van Ingenieurswese, US; 'n stigterdosent van dié fakulteit; het reusebydrae tot vakterminologie in meganiese ingenieurswese gelewer; voorsitter van 'n rigtinggewende ondersoekkommissie wat grondslag gelê het vir SA universiteite se ingenieursopleiding asook stigting van eertydse SA Raad vir Professionele Ingenieurs; sy aanstelling in 1962 as Escom se uitvoerende voorsitter het nuwe era in groei en ontwikkeling van dié maatskappy ingelui; sterf in motorongeluk.



◀ **Prof MM Basson van Rooyen** (74) van Melkbosstrand; 1979 tot aftrede (1990) eerste heeltydse professor in oftalmologie (oogheelkunde), US; aan die UK gestudeer; vir 19 jaar op Marydale en Prieska gepraaktiseer; verwerf MMed in Oftalmologie (1972); vanaf 1973 aan Tygerberg Hospitaal verbonde; behaal FRC Ophth (Londen, 1988); verwerf (1990) slegs tweede MD-graad in oftalmologie in Suid-Afrika (eerste was by Wits); tot sy dood deelydse konsultant in 'n privaat spesialis praktyk; dien lank in Medisyne Beheerraad se kliniese komitee; met sy huisdokterjaar in die All Saints Mission Hospitaal naby Engcobo, Kwazulu/Natal, het hy 'n lensoog-toetsstel geskenk gekry wat in die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) vir refraksie van die troepe die land ingebring is, en hy skenk dit enkele weke voor sy dood aan die Kaapse Ooghospitaal.

◀ **Prof Michael Webb** (75) van Stellenbosch; afgetrede voorsitter, Soölogie, US; MSc, DSc aan US en voorgraads aan Natalse Universiteit gestudeer; dosent, Fort Hare en Durban-Westville, voor hy (1976) by US aangestel is; lewenslid van SA Vereniging vir Marinebiologiese Navorsing en Verenigde Koninkryk se vereniging vir dié vakgebied. M

Die opleiding van NG Kerk-predikante op Stellenbosch vanaf November 1859 het daartoe gelei dat verskeie opvoedkundige inrigtings – uiteindelik ook 'n universiteit – hier ontstaan het

Nou beleef die Fakulteit Teologie wéér nuwe, opwindende, uitdagende tye.

Op die 1ste November was dit presies 140 jaar sedert voornemende NG leraars die eerste keer met hul opleiding in die geskiedkundige Kweekskoolgebou langs die Eersterivier begin het.

Predikante-opleiding aan die Stellenbosse Kweekskool vanaf November 1859 het daartoe gelei dat verskeie opvoedkundige inrigtings, ook die Universiteit, hier ontstaan het.

Sedert die Stellenbosse Kweekskool 140 jaar gelede gestig is, is meer as 4 000 predikante en sendelinge van hier af die wêreld ingestuur.

Die Kweekskoolgebou se geskiedenis strek nog 180 jaar verder terug – na 8 November 1679 toe Simon van der Stel tydens sy eerste verkenningsbesoek van die nuwe kolonie op 'n eilandjie in die Eersterivier oornag het. Die omgewing was vir hom so mooi dat hy besluit het om 'n nedersetting hier aan te lê en dit Stellenbosch ("Van der Stel se bos") te noem. Dit was ná Kaapstad die tweede Westerse nedersetting in Suider-Afrika.

In 1683 is die Stellenbosse drosdy as die eerste owerheidsgebou in dié nuwe uithoek van die kolonie opgerig, op die plek waar Van der Stel daardie eerste aand oorgebly het. Die eiland in die Eersterivier het in 1769 verdwyn toe die rivier se noordelike arm – na herhaalde oorstromings – toegegooi is.

Landdros woning en tronk

Tot 1826 was dié gebou die Stellenbosse landdros woning, setel van bestuur en regspraak,



KWEEKSKOOL VIER SY VEERTIEN DEKADES

Die Kweekskoolgebou: geleë op die mees geskiedkundige plek op Stellenbosch – waar Simon van der Stel in 1679 die dorp aangelê het en waar die Stellenbosse drosdy as eerste Westerse bouwerk buite Kaapstad opgerig is. Die drosdy, wat in die Kaaps-Hollandse boustyl was, is gedurende 1868-1950 verskeie kere verbreek en verbou tot die huidige dubbelverdieping-Kweekskoolgebou. In 1963 is 'n nuwe, moderne vleuel aan die suidekant van die gebou (langs die Eersterivier) aangebou. Die Kweekskoolgebou se versierde voorgewel is met leuse en al dieselfde as dié van die hoofgebou by die Universiteit van Utrecht in Nederland.

Sedert die Kweekskool 140 jaar gelede gestig is, is meer as 4 000 predikante en sendelinge van hier af die wêreld ingestuur

tronk en selfs plek van teregstelling! Nadat die owerheid, vanweë nuwe owerheidsstrukture onder die Engelse bewind, die drosdygebou mettertyd ontruim het, het 'n aantal Stellenbosse kerklidmate dit vir 1 100 pond en 17 sjielings gekoop en in 1850 vir die NG Kerk aangebied as Teologiese Seminarium (Kweekskool) vir predikante se opleiding. Die Stellenbosse gemeente het reeds in 1824 by die eerste NG sinode in Kaapstad gepleit vir "...eene Theologische Kweekskool ... voor inboorlingen des Lands..."

Die ou drosdy uit Van der Stel se tyd is aansienlik herbou om as kweekskoolgebou ingerig te word. Sy Kaaps-Hollandse gewels is afgebreek en 'n ekstra verdieping is opgesit. Twee NG predikante, John Murray van Burgersdorp en Nicolaas Hofmeyr van Calvinia, was die Kweekskool se eerste professore. (Lees ook die berig op bl. 20 oor die "Arts Department" – wat uitendelik die US geword het – se eerste professor in 1874).

In die naweek van 29-31 Oktober vanjaar het die Kweekskool sy 140-jarige bestaan gevier, onder meer met 'n feesuitvoering in die Endlersaal van die Konservatorium, waar sangers Hannelie Rupert, die Universiteitskoor en orrelis Zorada Temmingh opgetree het. Prof Roelof Temmingh, 'n Konservatorium-dosent, het 'n opdragwerk vir die geleentheid gekompeer.

Feesdiens in Moederkerk

Op Sondag 31 Oktober was daar 'n feesdiens in die Moederkerk, gelei deur Oudmatie dr Frits Gaum, die Kweekskool-kuratorium (beheerraad) se voorsitter. Die NG Studentekerk se koor het hier opgetree, met Louis van der Watt, 'n oudstudent van die Kweekskool, as dirigent.

Sedert 1963 het die Kweekskool se status verander van net 'n teologiese seminarium na die Universiteit van Stellenbosch se Fakulteit Teologie. Deesdae beleef die fakulteit wêre nuwe, opwindende en uitdagende tye. Hoewel NG predikante steeds hier opgelei word, bied die fakulteit nou ook opleiding aan vir ander kerke se leraars.

Dit skep groot verwagtinge. Aan die begin van die nuwe jaar kom die Verenigende Gereformeerde Kerk (VGK) se predikante-opleiding reeds oor na die US toe. Ander denominasies stel ook belang om hul leraars hier te laat oplei.


Ooreenkoms met Rwandese universiteit gesluit

Die "Rwanda National University" – wat in dié land se burgeroorlog baie kundigheid verloor het en by Suid-Afrikaanse universiteite aanklop om hulp – het 'n ooreenkoms met die US gesluit. Dr Emile Rwamasaribo (middel) van Rwanda het dit saam met die US se rektor en visekanselier, prof Andreas van Wyk, onderteken. Agter staan Felix Fundi van die Rwandese ambassade in Suid-Afrika. Nagraadse opleidingsmoontlikhede word ondersoek en studente asook dosente kan uitgeruil word.



Kry studentekoerant per pos

Teken in op Die Matie en kry 2000 se twaalf uitgawes teen R50 (posgeld ingesluit). Dit word gepos binne 'n dag ná Die Matie verskyn. Stuur besonderhede (naam, adres en telefoonnommer) aan: Die Matie, Langenhoven Studentesentrum, Universiteit van Stellenbosch, Privaatsak X1, Matieland, 7602: e-pos jk@diematie.sun.ac.za. Die nuwe jaar se eerste uitgawe verskyn op 16 Februarie.



© ANTONIE CARSTENS

Begin die nuwe millennium eers op 1 Januarie 2001? Maar eintlik moes dit enkele jare gelede al begin het! En is ons geslag die laaste voor die wederkoms?

MILLENNIUMKOORS?

Deur Jannie du Preez

S kynbaar fassinier 'n ronde jaartal ons meer as ander jaartalle. Veral 'n jaartal wat volgens baie mense 'n eeuwendig aandui, soos 1900.

Lui dié eeuwending boonop die aanvang van 'n volgende duisend jaar in, is daar byna geen einde aan al die verwagtings en beplannings nie. Sommige beplan vir 'n nuwe hoopvolle tyd. Andere verwag die einde en beplan daarvolgens. Nog andere verwag niks besonders nie, maar besluit eenvoudig om die geleentheid te gebruik vir die grootste feesviering ooit.

Feesvier van wat? Sommer net vir die plesier. Daar word selfs gereël om mense in 'n vliegtuig die millenniumfees in verskillende tydsones te laat ervaar!

Verskillende kalenderstelsels

Dis goed om te onthou dat verskillende kalenderstelsels bestaan. Die Joodse kalender begin byvoorbeeld 3 760 jaar vroeër as die huidige Christelike een. Die Moslemkalender begin by 16 Julie 622 n.C., met Mohammed se reis van Mekka na Medina. Die huidige kalender van die Westerse wêreld gaan via die Romeine heel waarskynlik terug tot op die Babiloniërs, wat reeds ongeveer 3000 v.C. 'n jaarkalender van 12 of 13 maande gebruik het.

Die Romeine het die jare begin tel *ab urbe condita*, d.w.s. "vanaf die ontstaan van die stad" (Rome), volgens oorlewering ongeveer 753 v.C. Op aandrang van die Romeinse senaat, wat gewoonlik op 1 Januarie vergader het, het Julius Caesar die jaar op 1 Januarie laat begin.

Die Christelike jaartelling

Die gebruik om Christus se geboortjaar as verwysing te neem (*A.D. Anno Domini*, in die jaar van ons Heer), is gedurende die sesde eeu n.C. ingestel, op voorstel van die ab Dionisius Exiguus, 'n wetenskaplike en argivaris van pous Hormisdas.

Weens toenemende probleme met die bepaling van die datum vir Paasfees, stel pous Gregorius XIII op 15 Oktober 1582 die sogenaamde Gregoriaanse kalender in ná die weglating van tien kalenderdae. Hy bepaal daarby dat

'n eeujaar 'n skrikkeljaar is as dit deur vier én 400 deelbaar is. Hiervolgens was 1900 nie 'n skrikkeljaar nie, maar 2000 is wel. Verskillende lande het dié kalender op verskillende tye aanvaar, selfs so laat as 1923.

Jesus se geboortedag en -jaar

Die kerk in die Ooste sowel as Spanje en Gallië in die Weste het oorspronklik 6 Januarie gebruik om Jesus Christus se koms na die wêreld te herdenk. Dit het heel waarskynlik geskied ter vervanging van 'n fees wat in Alexandrië op 6 Januarie gevier is ter herdenking van die geboorte van die Griekse god Aioon, wat die ewige tyd simboliseer.

Waarskynlik as antwoord op keiser Aurelius se instelling van die fees van die onoorwinlike son op 25 Desember, aanvaar die Westerse kerk later 25 Desember as herdenkingsdag van die geboorte van Christus, die ware onoorwinlike Son van geregtigheid, die opgaande môreson waarvan Sagaria in sy loflied sing (Luk. 1:78). Teen 450 n.C. het byna die hele Christendom albei datums as viering van Christus se eerste koms aanvaar.

Soos wat die presiese dag van Jesus se geboorte onseker is, so ook die presiese jaar. Volgens gegewens uit die werk van die Joodse geskiedskrywer Flavius Josefus, asook sekere sterrekundige inligting, kon dit enige tyd tussen 8 en 4 v.C. plaasgevind het. Hiervolgens het die nuwe millennium etlike jare gelede al begin.

Hierby kom nog die verskil van mening oor die vraag of die nuwe millennium op 1 Januarie 2000 of 1 Januarie 2001 begin. Dr Johan van Heerden, verbonde aan die Atoomenergiekorporasie van Suid-Afrika, verduidelik in 'n artikel dat as ons met Christus se geboorte as in die jaar 1 begin, die eerste 1 000 jaar voltooi is op 31 Desember 1000 en die tweede op 31 Desember 2000. Ons nuwe millennium begin dus om middernag op 1 Januarie 2001!

Leef ons in die eindtyd?

Vir skrywers soos Hal Lindsay is ons geslag die laaste voor die wederkoms (volgens sy boek *Planet earth. The final chapter*, 1998). Deur die eeue

heen het sommige die tyd van die wederkoms probeer vasstel, selfs tot op dag en datum.

Die Bybel sê baie duidelik niemand weet dit nie, net die Vader alleen (Matt. 24:36). Wel word herhaaldelik gewaarsku dat dit heel onverwags sal wees. Soos 'n dief in die nag (Matt. 24:43-44; 1 Tess. 5:2). Volgens die Nuwe Testament is die hele tyd tussen die eerste en tweede koms van Christus "die laaste dae" (bv. Hand. 2:17; Heb. 1:1; 1 Pet. 2:20).

Ons leef dus sedert die eerste koms van Christus in die laaste dae, of dié tyd nou 1 000 of 2 000 jaar of hoe lank nog is. Ons leef elke dag in God se dag, elke jaar anno Domini: in die jaar van ons Heer. Alles wat op die wêreldtoneel en in die skepping gebeur, is soveel tekens van Hom wat as Skepper, Herskepper en Voleinder aan die kom is. Hy roep almal om wakend, biddend en werkend hulle roeping tot sy eer te vervul, tot Hy finaal kom.

Nuwejaarsgebed

Wanneer 1 Januarie 2000 aanbreek, kan ons gerus vir mekaar sê: Nog 'n dag het oor ons oopgegaan; 'n enkele polsslug van God se tyd; "n pèrel aan die snoer van die ewigheid".

En vir die hele jaar 2000 kan ons, soos vir enige ander jaar, saam met 'n onbekende bidder van lank gelede vra:

*Lord, make my new year a happy one –
Not by shielding me from sorrow and pain,
but by enabling me to bear it if it comes.
Not by making my path always easy,
but by making me sturdy enough for any path...
Not by granting me unbroken sunshine,
but by keeping my face bright even in the shadows.
Not by making my life always pleasant,
but by showing me where You need me most
and by making me zealous to be there and to help.
Lord, make my new year a happy one!*

■ Prof Jannie du Preez is 'n Oudmatie wat as teologiese dosent aan die US afgetree het. ■

Die Huis van J.C. Le Roux

LA VALLÉE

Ontdek die onverwagse rykheid van hierdie Méthode Cap Classique.

*Geniet dié sensasionele nuwe
vonkelwyn wat volgens die Franse
sjampanje-tradisie in die bottel gegis
is. La Vallée het al die elegansie en
finesse wat jy van 'n Méthode Cap
Classique verlang, met 'n verrassende
ryk en vol vrugtesmaak
wat waarlik uniek is.*



DIE HUIS VAN
J.C. LE ROUX
Die Tuiste van Vonkelwyn

Die Huis van J.C. Le Roux - geleë in Devonvallei,
Stellenbosch - is oop vir besoekers vir toere, proeë en verkope.
Ma - Vr 8:30 vm - 4:30 nm, Sa 9 vm - 12:30 nm.
Tel: (021) 882-2590 Faks: (021) 882-2585

MAG NIE AAN PERSONE ONDER 18 VERKOOP WORD NIE.

LRV 002/A



Kry die kredietkaart
met al die
regte kwalifikasies.

Wanneer jy jou Absa
Universiteit MasterCard kredietkaart gebruik,
dra jy by tot die opvoeding van die nasie. Want dan maak
Absa 'n skenking aan jou universiteit sonder dat dit jou iets kos.
Internasionaal aanvaar, gratis reisversekering en tot 55 dae
rentevrye krediet – 'n verstandige keuse.



Doen vandag nog aansoek by enige Absa tak, skakel
0860 40 50 60 of besoek www.absa.co.za.

